# *Moenie Vrees Nie*

Bly 'n oomblik staan terwyl ons ons hoofde buig voor die Here en bid. Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wonder ek hoeveel hierbinne wil onthou word in gebed voor God, steek net jou hand op, en jou versoek op jou hart. Laat ons bid.

2 Genadige en Heilige Vader, God, ons kom nederig in U Teenwoordigheid in met danksegging op ons harte, omdat U ons so liefgehad het, dat U U eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat glo, nie verlore mag gaan nie, maar die Ewige Lewe kan hê.

3 O God, daar is diegene wat hierdie groot seëning van belofte ontvang het, hoe dankbaar is ons, Here, en ons harte brand vir ander om hierdie onuitspreeklike vreugde en vol van heerlikheid te ontvang wat aan die menslike ras gegee is.

4 Daar is diegene wat siek en behoeftig is vanaand, Vader, wat hier siek, en beproef, en verdruk lê, en, God, dis 'n siek wêreld, maar U het 'n voorsiening gemaak vir ons, Here, want daar staan geskrywe: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

5 Nou, Vader, ons is net Sy diensknegte hier, wat probeer om die mense U Woord te gee, en dat hulle mag sien, en verstaan, en ons weet dat alle dinge moontlik is vir hulle wat glo. En maak dit so werklik vir die gemeente, vanaand, dat daar nie 'n verswakte in ons midde sal wees wanneer die diens verby is, nie een sondaar sal wees nie, almal gered sal word, binne en buite, mag die beddens leeg wees, die rolstoele leeggemaak, elke persoon met hartprobleme, kanker, sterwend.

6 Mag daar 'n jubeltyd wees oor die stad en rondom deur die vallei, 'n outydse herlewing laat begin wat op-en-af langs hierdie kus sal trek, Here, as gevolg van U Teenwoordigheid, vanaand. Vestig ons harte en ons geloof op U, want ons vra dit, in Jesus' Naam, en om Sy ontwil. Amen.

7 Julle kan maar sit. Ek ag hierdie een as 'n groot voorreg om hier te wees in hierdie ouditorium by die skougronde, vanaand, en ek was jammer dat ons gisteraand gou moes maak en net vinnig deurgaan as gevolg van die kennisgewing van die wapenkamer, en ons het nie eers 'n fondasie gekry nie.

8 Julle ken ons groot teenstander, die duiwel, en as hy ons nie op een manier kan vang nie, sal hy dit op 'n ander probeer. As ons almal mense in eendragtigheid kan kry, dan het hy, kan hy dit nie hinder nie, so dan sal hy iets anders doen om die diens op 'n ander manier te ontwrig, sodat ons net nie heeltemal stil kan wees, en luister, en kyk, en glo, en dan die werke van die Here sien nie.

9 So dankbaar vir hierdie ouditorium, vanaand. Jammer om honderde mense te sien staan, maar ons is, net, ek is seker die vereniging doen alles wat hulle weet om te doen, om plek te maak vir mense om—om te sit.

10 En nou, ek glo as hierdie so aanhou, verdien dit nog 'n poging. Dink julle nie so nie, mense, om dit weer te probeer nie? Wel, miskien kan, kan ons 'n tent kry en dit hierbuite sit, iewers, wat sitplek vir twintig, dertigduisend mense sal hê, en dit net laat bly vir drie of vier weke, en ons regtig kan ontmoet en mekaar leer ken, dat so . . . En as die Here wil, is dit wat ons nodig het, wat ons sal, my die verwelkoming te gee, en ek waardeer dit, en as dit die wil van die Here is.

11 Ek—ek wil altyd Sy leiding volg, net waar Hy gaan, lei, en dan weet ons ons is reg. Ek sê julle hoekom: As jy iewers in die moeilikheid beland, en dan as jy nie seker is van jou leiding nie, dan kan Satan sê: "Wel, sien, *hier* is dit."

12 Maar as jy weet jy word gelei, kan jy hom weer reguit tegemoetgaan, en sê: "Ek kom in die Naam van die Here," sien: "so staan net terug! Dis al." Sien? En hy sal dit moet doen as—as die Here jou gestuur het. Buite in die oorsese velde, wanneer ek soontoe gaan waar ons soveel toordokters en dinge het om te trotseer, dat wanneer jy ook al weet dat jy gelei word om dit te doen, die Heilige Gees jou gekies het om dit te doen, wel, dan is die opposisie niks, jy bly net daar staan, jy bly net daar en gaan aan tot die oorwinning kom.

13 En so, vanaand, vertrou ek dat ek julle nie te lank sal hou nie, ek . . . met 'n Skriflesinkie, en dan ek . . . Ons gaan 'n vreeslike tyd hê om 'n gebedsry deur te kry, sien ek, met albei deure oop om hulle op te bring. Almal wat hierdie gebedskaartjies het, hou hulle. Ek sê julle onder hierdie omstandighede, partymaal . . .

14 Buite gekom en 'n jong kêrel het vir my gesê, gesê: "Broer Branham, hulle is net hier ingeprop, soos hulle in die ander plek was." Gesê: "Ons het nie die plek nie."

15 Ek het gesê: "Wel, die enigste manier wat ek kan . . . " Eintlik, is ek hier vir een doel, tot die eer van God, dis eerste; en vir die redding van siele, tweedens; en om te probeer om die siekes genees te sien, derdens. So dis . . . En ek het nooit gekom om die dokter se pasiënte oor te neem nie, nee, ek kom bid vir die dokter se pasiënte, die pastoor se lidmate, my vriende, sien, en bid net vir hulle.

16 En nou, het ek gedink miskien sou ons hier wees, Sondag, dis 'n middagdiens, daarom sal dit warm wees en die mense sal miskien nie omgee, om agter aan die buitekant te staan nie. Maar as ons vanaand en môre-aand die kan bring, deur die genade van God deur die Woord van God, die besef van die Teenwoordigheid van God, sien, dan wanneer ons die regte gebedsry begin, die

gewondes oplyn, die *wat-dit-ook-al-is* vir wie gebid moet word, glo ek ons dan die resultate sal kry. Sien?

17 Met ander woorde, dis om te bou, soos 'n prediker sy teks gegee het oor 'n sekere onderwerp, en dit dan uit te lê, sy materiaal, dit in te kap; 'n skrynwerker wat sy plank pas, dit dan vasspyker. En dis wat ons wil probeer doen, want ons het geen rede om hier te wees as dit nie was om iets te probeer doen het om mense te help nie, dis hoekom ons hier is.

18 Ek. . .As—as genesing. . .As, hierdie jongman wat hier op hierdie draagbaar lê, daardie kosbare, klein skatjie wat daar in die rolstoel sit, kleintjie, hierdie arme moeder wat hier op die draagbaar lê, daardie dame wat daar in die stoel sit, iets, 'n man daarbuite wat sterwend is met hartprobleme, 'n moeder opgevreet van kanker, wel, as ek enigiets kon doen om hulle te help, ek, sou ek nie 'n verskoning wees vir 'n prediker as ek iets kon doen en—en dit nie sou doen nie? Ek hoort glad nie hieragter, vriende, as ek so sou wees nie. As ek kon. . .Ek sê dit, dit klink ydel, maar as ek 'n—'n vyf-en-twintig sent stuk kan neem en dit met my neus deur hierdie stad stoot om iemand te genees, sou ek dit doen, sien, sou ek dit doen. Ek weet wat dit beteken om siek te wees, ek was self siek.

19 En toe waar ek gevind het waar die dokter gesê het dat ek nooit gesond kan wees en nooit kan lewe nie, en toe *iets* gevind het waar ek kan lewe, wil ek—ek vir almal daarvan vertel, julle sien. En nou, dan kom om die leiding van die Heilige Gees te volg op die manier wat Hy sou, dit gesê het: net waar ons die heel beste resultate kon kry in hierdie klein, kort tydjie wat ons het.

20 Nou, eintlik moet jy langer in die diens bly as wat ons hier bly, want baiekeer jaag mense af, en verstaan nie, dan gaan hulle uit en—en die eerste klein ongewone gevoel wat hulle kry, maak nie saak hoeveel jy mense probeer vertel nie, hulle—hulle sal steeds staatmaak op hulle gevoel, hulle sal, dis net een van hulle sintuie waardeur hulle werk: "As ek beter voel, glo ek dit." Sien? Maar dit het niks daarmee te doen nie. Dan as ons lank genoeg daar kan wees in die diens by die mense om hulle te laat sien wat die werklikheid daarvan is, en hoe om by God te bly, dan kry jy die goeie resultate, is wanneer jy dit doen.

21 So nou, ek vertrou dat julle by my sal bly, en weet dat ek in my kamer is en bid en God soek elke uur wat ek kan, om te probeer doen wat ek kan vir die Koninkryk van God en vir julle, terwyl ek hier by julle is.

22 En nou, nou, môre-aand, onthou en dan, nou, as—as julle gebedskaartjies nie geroep word nie, hou hulle vas, ons is verplig om te bid vir die siek mense vir wie ons gebedskaartjies gee, so ons—ons is onder morele verpligting om dit te doen, en ons sal dit doen deur die genade van God, en almal, as ons moontlik kan, sien, dis die—die motief.

23 Nou, as ons 'n paar, miskien twee of drie weke hier sou wees, wel, ons kan net *soveel* en *soveel* begin kry, sal ons uiteindelik reg daardeur grawe, maar as—as . . . Ons gaan probeer om nie te veel gebedskaartjies uit te gee nie, maar net soveel as wat ons kan, dink ons genoeg tyd het om op te neem, soveel deur die aand opneem as wat ons kan.

24 Nou, ek sou iets gesê het gisteraand, hierdie klink vreemd in 'n ander stad, ek het my pakke klere ingegee by 'n skoonmaker om gestryk te word, en ek het uit 'n tas gelewe vir omtrent vyftien jaar nou, pakke gekreukel, en ek het my twee pakke ingegee om gestryk te word. En—en as daardie dametjies wat betaal het vir daardie strykwerk hier is, bedank ek julle, susters.

25 Ek het ingegaan, hulle wou my nie laat betaal daarvoor nie, het gesê twee susters was daar wat daarvoor betaal het; en die dame het gesê hulle het gekom en vir my pak betaal. Nou, dis baie gaaf, ek—ek waardeer dit, dis baie gaaf. Maar natuurlik, hulle—hulle . . . dit was net 'n pak klere, maar ek vertrou dat as julle iets wou hê, God julle geloof sal eer, julle sien, deur—deur dit te doen, sien, maar dit was net 'n pak. So, ek waardeer julle—julle geloof en geloof dat ek julle ten minste sou vertel, julle die waarheid vertel om eerlik met julle te wees, en my hartlike dank.

Ek het vir die dame gesê: "Laat ek vir hulle die geld gee."

Gesê: "Nee," gesê: "nee," gesê: "hulle—hulle sal dit nie aanvaar nie."

So as julle hier is: "Dankie." Dit was die Ster Skoonmaker onder in die—die—die stad waar ons pas vandaan gekom het.

26 Nou, ek—ek het gedink aan, vanaand, 'n onderwerp van 'n getuienisdiens uit die Bybel, en ek wil lees vir 'n teks uit Matthéüs die 14de hoofstuk, die 27ste vers.

> En *Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê, Hou* 'n *goeie moed; dit is Ek; wees nie bevrees nie.*

27 Nou, ek wil 'n onderwerp neem vir hierdie getuienisdiens van *Moenie Vrees Nie.*

28 Daar's twee elemente wat die hele menslike ras in die wêreld beheer, een van hulle is vrees, die ander is geloof. Nou, dis óf vrees óf geloof wat elke nasie beheer, elke denominasie, en elke individu, jy's, óf vrees óf geloof wat jou beheer.

29 Nou, dit moes omtrent teen sonsondergang gewees het, die son was aan die ondergaan, en die bootjie het op die wal gesak omdat die dissipels aan boord geklim het. En die groot, sterk man, wat ons glo Simon is, die visserman, wat bote goed geken het, en die meer wat oorgesteek moes word, sy beroep was om vis te vang, en nou, soos hy sy groot, fris arms begin neem het, en agtertoe en die bootjie van die wal af weggestoot het, aan boord geklim, en gaan sit langs sy broer, Andréas, en sy roeispane opgetel.

30 In daardie dae is die bote óf aangedryf deur die—die roeispane, óf aangeblaas deur seile; en ek glo dat somtyds die roeispane, as hulle 'n sterk wind gehad het, hulle ook 'n seil kon hys.

31 En daar—daar moes omtrent 'n skare gewees het omtrent soos hierdie, en op die walle wat gewaai het, o, ek bedoel ingeprop soos hierdie, maar miskien baie keer soveel soos hierdie. Ek dink daar was omtrent vyfduisend, en hulle het op die wal gestaan en wuif, hulle het hierdie diensknegte van Christus vaarwel gegroet.

32 Nou, ek glo as ons hierdie in 'n storievorm maak, sodat julle sal sien dat ek nie die Skrif verlaat nie. Die Skrifte is waarin ons glo, en wanneer God 'n belofte gemaak het, dan moet God by Sy belofte bly; Hy kan nie die belofte verlaat en God bly nie.

33 Miskien het hulle 'n paar honderd treë ver uitgeroei, en hulle sou 'n roei of twee gee met die twee-hand roeispaan. En soos hulle toe moes doen, soort van in spanwerk, die bootjie laat wegvaar van die . . . seil, deur die water te klief in die stil Galiléa See, terwyl die kalmte op die see was teen sononder.

34 En op die oewer het die mense gewaai, hulle gevra om weer terug te kom, hulle te besoek, en soos die laaste een vervaag het, die laaste afskeid, moes die dissipels toe nogal swaar geroei het, in die wete dat hulle nogal 'n—'n stryd gehad het om daardie see deur die nag oor te steek, om oorkant aan die ander kant te kom.

35 Na omtrent, net omtrent teen donker, sodat hulle nie meer die mense kon sien nie, moes dit die jong Johannes gewees het wat ophou roei het, en, miskien, nie so gewoond aan die roeiwerk as wat die res van die geharde seemanne was nie, gestop, die hare uit sy gesig gevee, en—en 'n bietjie asem geskep, 'n tydjie om asem te haal, om soort van hulle asem te skep van so hard te roei, om so ver oor te kom as wat hulle kon voor dit donker geword het.

36 En ek stel my voor hulle het 'n getuienisdiens begin hou, en jong Johannes moes iets soos hierdie gesê het: "My broers, na vandag, glo ek nie daar kan enige van ons ooit dink dat ons 'n bedrieër volg nie. Ek glo, volgens my, het Hy Homself bewys, vandag, om presies te wees wat ons verwag het Hy sou wees.

37 "Sê, het julle broers opgelet, vandag, toe daardie skare honger mense wat om Hom saamgedrom het om die Woord van God te hoor . . .? En om te sien hoe hulle gedruk het, en gedruk het om daar te kom, en party van hulle het heeldag nie geëet nie, en daardie moeders hoe bleek hulle gelyk het met hulle babatjies, en wat gevoed het, ensovoorts, en die siekes wat indruk!

38 "Maar toe Hy gevra het vir daardie vissies, en ek daardie seuntjie gesien het, en hy daardie klein, vyf broodjies, of, twee klein stukkies vis daar gebring het, en Hy hulle almal laat sit het in vyftigs teen die grasheuwel, en ek, self, het gewonder wat Hy gaan doen, wanneer Hy net een middagete gehad het wat een of ander seuntjie, miskien, wat stokkies gedraai het by die skool,

en hy die skare gehoor het, en hy teen die heuwel opgegaan het om te kyk wat aangegaan het, en dit so fassinerend was dat hy net vergeet het van sy middagete, hy wou sien wat hierdie groot Spreker sê, kyk wat Hy doen.

39 "En toe ek opgelet het Hy neem daardie brood, daardie stukkies brood, hulle optel en hulle seën, toe ek Hom daardie brood sien breek het, en dit in die hande van ons broers gesit het, en weer uitreik na daardie selfde broodjie, en nog 'n stukkie broodjie neem, en toe Hy weer uitgereik het, daar nog 'n stukkie brood was wat alreeds gekweek, en gebak, en gegeur, en gereed was om te eet, weet julle wat, broers?" Hy mag iets soos hierdie gesê het: "Dit het my herinner aan die Bybelstories waarvan ek altyd my ma my hoor vertel het.

40 "Toe ek 'n klein, Joodse seuntjie was, onthou ek my mooi, moedertjie en hoe sy altyd vir my vertel het: 'Skat, toe ons mense uit Egipte uitgekom het, was ons eers slawe, en toe ons 'n groot profeet onder ons gehad het, Moses, wat God na ons toe gestuur het om ons te help om verlos te word van ons beproewinge van die slawerny, en Moses, natuurlik, kon nie brood maak nie, maar toe ons twee-en-'n-halfmiljoen mense buite in die woestyn gehad het, waar daar geen koring was, of niks, om brood van te maak nie, het Jehova brood uit die hemele vir ons laat reën.'

41 "En ek het altyd gewonder, ek sou sê: 'Moeder, het Jehova 'n groot groep Engele daarbo, en 'n groot klomp oonde wat Hy Sy brood bak? Waar het Hy hierdie brood gekry, Mamma? Of kan ons opkyk in die lug en die vure van Sy oond sien elke aand wanneer hulle dit gebak het?'

42 "Moeder sou waarskynlik iets soos hierdie gesê het: 'Nee, Seun, jy's te jonk om te verstaan, Jehova hoef nie oonde te hê nie, Jehova is 'n Skepper, Hy skep net die brood, en dit val op die aarde.'"

43 Jong Johannes, toe hy opgestaan het in die boot en vir die broers getuig het, sy totale geloof in Jesus bely het, gesê het: "Hy moes een of ander verbintenis met Jehova gewees het, want Hy het brood geskep soos Jehova het. So vir my is Hy waarlik die Messias, want Hy's die Seun van God, Hy—Hy kan skep, en brood maak, en—en maak net soos Jehova het. So dit het dit afgehandel vir my toe ek Hom daardie brood en daardie visse sien breek het, en nie net rou vis nie, maar dit was gaar vis, gereed om te eet."

44 Ek wil graag my luisteraar gehoor vra vanaand: "Watter soort atoom het Hy toe losgelaat, toe Hy gaar vis en—en gaar brood gehad het, en vyf broodjies en twee vissies geneem het, en vyfduisend mense gevoed het, en mandjies vol opgetel het, wat oorgebly het?" Wat het Hy gedoen? Wat sou die wetenskap vandag daarvan sê? Watter soort atoom, of molekuul, of wat hulle dit ook al wil noem, het dit toe losgelaat?

45 Maar Hy het dit gedoen, en klein Johannes was oortuig dat die Bybelstories wat moeder vir hom vertel het van Jehova, daardie selfde Jehova gemanifesteer was in ’n Man, wat die Here Jesus Christus genoem is, want niemand anders kon dit gedoen het nie, Hy was ’n Skepper.

46 Wel, Simon, julle weet hoe hy is, hy’s altyd gereed om te getuig. En dis soos enige ander normale Christen wat God regtig ken, die Here Jesus ken, gereed is om sy getuienis te gee, sommer gou. En omdat ons gisteraand iets oor hom gesê het, mag ek sy getuienis herhaal.

47 Hy het gesê: “Wel, broers, toe ek altyd in hierdie see hier saam met my vader visgevang het, jare gelede. . .En ek weet julle het almal geweet my liewe ou, Fariseër vader, hoe hy ’n groot man van die kerk was en in God geglo het. Altyd in ’n oggend voor ons sou gaan visvang, ons was daarvan afhanklik vir ’n bestaan, so hy sou my laat kniel saam met hom en hier op die wal laat bid vir ons vis vir daardie dag, en God het ons nooit in die steek gelaat nie.

48 “Ek onthou toe sy hare begin grys word het, en ek het geweet het dat ek binnekort sou moes afskeid neem van my ou pa, onthou ek dat hy my eendag geneem het, my op die—die rand van die boot laat sit, gesê het: ‘Simon, my seun, ek wil hê jy moet dit onthou: Die hele Israel het uitgesien na die koms van die Messias, en soos die tyd naderkom, het elke mens altyd gedink hy sou lewe om die dag te sien wat Hy sou kom, en ek het dieselfde gedink, maar ek word nou oud, en ek veronderstel ek sal dit nie sien nie. Maar Simon, as ’n Bybelgelowige, as ’n gelowige in Jehova, wil ek jou leer, my seun.’”

49 Dis ’n goeie ding vir ’n pa om te doen, of ’n moeder. Wonder as, vandag, as ons meer tyd insit om ons kinders te onderrig in die dinge van die Here, as wat ons doen oor renmotors en ander dinge, sou ons nie soveel jeugmisdaad hê nie, dit is waar.

50 Susanna Wesley was die moeder van sewentien kinders, sy het geen drukknop skottelgoedwassers gehad, en—en krane om oop te draai om water te kry nie, en tog, met al daardie kinders, kon sy twee tot drie uur per dag spandeer in gebed rondom daardie sewentien kinders. Uit daardie nessie klein voëltjies het ’n John en ’n Charles gekom, wat die wêreld geruk het. Ons het meer moeders soos daardie nodig, met tyd om hulle kinders van God te leer.

51 Ek het by haar graf gestaan nie lank gelede nie, in Londen, toe ek daar was om vir die koning te bid, en terwyl ek daar staan met my hand op haar graf, het ek gesê: “God, laat daardie kosbare moeder rus, ek weet U doen dit.” En daar, naby haar begrawe, natuurlik, is Bunyan, *Pilgrim Se Reis*, ensovoorts, en William Cowper, dan oorkant in die kerkhof, het John gelê, die oorskot van sy liggaam in die stof.

52 Toe het Simon gesê: “Pa het baiekeer vir my gesê: ‘Nou, Simon, seun, net voor die koms van die Messias, gaan daar ’n groot beroering onder die mense wees, en die vyand sal ’n—baie vals goed uitbring, dit die Messias noem. En ek wil hê jy moet onthou, Simon, my seun, dat die ware Messias wat Hy sal wees, en hoe Hy sal lyk, en hoe Hy sal wees. Die ware Messias sal volgens die Bybel wees, volgens wat ons profete vir ons gesê het, Moses het gesê: “Die Here julle God sal ’n Profeet oprig, soos ek.”’”

53 En hy moes sy hand uitgesteek het en Andréas aangeraak het, hy het gesê: “Andréas het eerste gegaan om na Hom te luister. Ek kon dit nie glo toe daardie, wat Johannes daaronder gepreek het, voorspel het, daar die Messias sou kom nie, vir my was dit net nog ’n *aanganery*, maar eendag het Andréas vir my kom sê dat ek na hierdie Man moet kom kyk, ten minste eenmaal na Hom te luister, en ek het in my hart gehad wat vader vir my gesê het, dan wat die Skrifte gesê het dat hierdie Messias ’n God-Profeet sou wees.

54 “En toe ek in die gehoor ingestap het saam met my broer, Andréas, het Hy vinnig omgedraai en reguit na my gekyk in daardie hele skare. Moes gewees het dat Hy geweet het dat ek dors was.” God kom gewoonlik na hulle wat dors is, en Hom regtig wil vind, in desperaatheid.

55 “En Hy moes na my gekyk het, toe Hy het, het Hy gesê: ‘Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.’ Dit het dit vir my afgehandel, want ek het geweet dat my vader vir my gesê het dat die Skrifte gesê het dat die Messias ’n Profeet sou wees, en hierdie Man het my nie net op die naam geken nie, Wie my nog nooit gesien het nie, maar Hy het my vader ook geken, vir my gesê ek was die seun van Jona. Dit het dit afgehandel.”

56 Filippus, hy moes die geleentheid aangegryp het op omtrent daardie tyd. Nou, hierdie is Christus se Eie dissipels wat ons . . . hulle hou ’n getuienisdiens, nie die buitewêreld nie, hulle wat saam met Hom gelewe het, saam met Hom geslaap het, en by Hom gebly het, en—en geweet het wat Hy is, Hom hoor spreek en praat het.

57 Filippus het gesê: “Simon, dit het my ook oortuig, omdat ek my hele lewe lank die Skrifte gelees het en Hulle geleer is, en ek het as ’n Jood geweet dat ons geleer word om ons profete te glo. En die profesie het waarlik gesê dat die Messias, die Seun van God, ’n Profeet soos Moses sou wees. Toe ek gesien het dat die teken van die profeet gedoen is, toe het ek geweet dit was Messias, want dit was honderde jare na ons ’n profeet gehad het,” ek dink omtrent vierhonderd jaar na Maleági, “en ek het geweet dat dit die volgende ding was wat moes verskyn die Messias was, en Dit was Hy. So, ek het teen die heuwel afgehardloop na my vriend Filippus.”

58 Soos ons hom gisteraand geneem en hom gekry het, het Filippus Natánael gekry, liewer, onder die boom besig om te bid, en gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

Hy het gesê: "Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

Hy het gesê: "Kom, kyk. Kom, vind uit vir jouself."

En soos hy om die heuwel gekom het, het hy hom vertel wat gebeur het, gesê: "Jy weet Messias sal 'n profeet wees, ons weet dit."

"O, ja," het Natánael gesê: "ek weet Dit sal wees, Hy sal 'n profeet wees."

"Wel, ek het Hom daardie einste dinge sien doen. Sonder 'n sweempie twyfel, weet ek dit; ek het dit gesien, ek het dit getoets, en ek weet dis waar."

"Wel, ek sal net kom kyk, dan."

59 Om die heuwel het hulle gegaan. Toe hulle in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingekom het, het Hy na Natánael gekyk, en gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie," toe hy in die ry ingekom het.

En hy het gesê: "Hoe het U my geken, Rabbi?" *Leraar*. "U het my nog nooit in U lewe gesien nie. Hoe het U my ooit geken?"

Hy het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Nou, dis wat die Skrif sê.

60 Filippus, wat 'n Bybelstudent was wat geweet het dat dit was hoe die Messias moes wees, hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

61 En Jesus het gesê: "Wel, omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy? Jy sal groter dinge as hierdie sien. As jy net soveel sal glo, sal jy groter as dit sien." Jy moet dit eers glo.

62 Nou, en dan moes dit—dit jong Jakobus gewees het, of een van hulle wat daar gesit het, wat gesê het: "Julle weet eendag . . . Ons ken almal vir Rebekka, dis die vrou van die sakeman van Jérigo, Saggéüs, hy bestuur 'n belastingonderneming daaronder, vorder belasting in. En ons weet dat Suster Rebekka so hard gebid het vir Saggéüs om—om Jesus te ontvang, en vir hom al die dinge vertel het wat—wat sy gesien het, maar die rabbi het vir hom gesê dat Hy was, niks aan Hom was nie, want Hy was nie herken onder die kerkleiers van daardie dag nie, so hy wou Hom nie aanvaar nie.

63 "So Saggéüs, julle onthou sy getuienis by die Volle Evangelie Sakemanne se Ontbyt daardie oggend, toe hy ingekom en ons dit vertel het van wat gebeur het? Hy het gesê hy het daar afgekom om Jesus te sien, en daar was 'n te groot skare." En op *een of ander manier* waar Christus is, is dit net: "As Ek verhoog word,

sal Ek almal na My toe trek.” Almal van hulle wat trekbaar is. “Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.”

64 En hy het gesê: “Saggéüs het dit gesien, hy wat klein gebou was, soos hy getuig het, hy kon nie die Meester sien nie, so hy hardloop af na ’n ander hoek, bewus van watter kant toe Hy deur die stad gegaan het, en hy het opgeklim in ’n wildevyeboom, en hy—hy het gesê: ‘Nou, ek sal net hierbo sit op hierdie, waar twee takke vurk.’” Dis ’n goeie plek om te sit waar twee weë ontmoet, dis jou idees en God se Woord. Waar jou idees en Syne ontmoet, dis ’n goeie plek om te rus net vir ’n paar minute, besluit watter kant toe jy van daar af sal gaan.

65 “En hy het gaan sit, en hy het gesê: ‘Ek onthou dat my vrou my vertel het van hierdie Galileër wat ’n profeet is. Nou, as Hy ’n profeet is, gaan ek Hom glo, want ek weet dat ons Bybel gesê het: “As daar een onder julle is wat. . . wat ’n profeet is, en Ek die Here sal Myself aan hom bekend maak, en wat hy sê gebeur, luister dan na hom, Ek is met hom, maar as dit nie gebeur nie, moet dan nie na hom luister nie.”

66 “‘So ek—ek weet, en glo nie, soos my rabbi vir my gesê het, dat ’n man wat so arm gebore is as wat Hy was, en met ’n naam soos Hy het, en nie grootgemaak is om ’n rabbi te wees nie. . . En al hierdie bonatuurlike goed waaroor Hy praat, ek—ek glo dit nie. So ek gaan—ek gaan wag, en wanneer ek Hom sien, gaan ek Hom ’n bietjie die waarheid vertel.’

67 “So soos hy begin dink het oor wat Rebekka vir hom gesê het: ‘Wel, miskien is Hy ’n profeet, maar as Hy is, sal ek net my opinie vorm, dan sal ek teruggaan en vir Rebekka sê, want daar is te veel.

68 “So hy het in die takke opgeklim en al die blare om hom toegetrek, homself bedek sodat hy nie gesien kon word nie, homself gekamoefleer. En naderhand het hy ’n geluid om die draai hoor kom.” Daar’s iets vreemds, waar Jesus is, is daar gewoonlik ’n geraas van een of ander soort, ek weet nie hoekom nie, maar dis altyd so. Net soos Aäron wat ingaan met die granaat en die klokkie, hy nie ’n groot geraas gemaak het nie, wel, het hulle nie geweet hy lewe nie. En ek dink dis wat die probleem is met die kerk vandag, dit het so dood geword dat ons niks meer hoor nie; so, waar daar lewe is, is daar geraas.

69 “Nou, en ons vind uit dat hy toe gesê het, toe Jesus om die hoek gekom het, en hy na Hom kon kyk, hy vir homself ’n klein kamoeflering gemaak het, sodat Jesus hom nie kon sien nie. So, hy het ’n blaar gehad, en hy het net hierdie blaar afgetrek en uitgekyk, want hy wou, nie gesien word nie, ’n sakeman van die stad, wat bo in ’n boom sit, dit sou soort van ’n verleentheid wees, julle weet. En hierdie Holy-roller wat inkom, in elk geval, julle weet, met die naam wat Hy gehad het, wat sy besigheid sou skaad as—as hulle hom sien assosieer met ’n Kêrel soos daardie.

70 “En so, maar hy wou uitvind waarvan Rebekka gepraat het, so hy het daarbo gesit, hy het sy blaar opgehou, en gesê: ‘Ek hoor ’n geraas, so miskien sal Hy naderhand kom.’

71 “Hy het die geraas gehoor en hy het om die hoek gekyk, daar kom die yslike groot, sterk vissermanne, wat sê: ‘Mense, ek’s jammer, ons—ons Broer is baie moeg. Hy—Hy’s—Hy’s nou op Sy pad uit, Hy moet na Jerusalem toe gaan, het Hy gesê. Sal julle almal net opsy staan, en Hom plek gee om uit te kom?’ Baie, met groot diplomasie en vriendelikheid.

“Ander dissipels het gevolg, en gesê: ‘Mense, ek wens ons het tyd gehad, maar ons het net nie.’

72 “En, naderhand, toe Hy om die hoek gekom het, toe het Saggéüs sy blaar laat sak en begin kyk, Hom sien aankom soos *daardie*.” En julle weet, ek glo nie dat enige mens reg na Christus kan kyk en ooit weer dieselfde kan voel nie, ek—ek glo nie hy kan nie.

73 “*Iets* het hom begin raak. En gesê: ‘Jy weet wat, ek—ek net, miskien was Rebekka reg, maar ek sal mooi na Hom kyk, en dan sal ek Hom een of ander tyd hoor, want Hy ken my nie, ek’s ’n sakeman hier, Hy het pas in die stad ingegaan, so Hy ken my nie, weet niks van my af nie, en Hy ken nie my toestand nie, so ek sal net hierbo in die boom sit.’

74 “En Hy het gekom, en toe Hy oor die sypaadjie gegaan het, afgekom het, reg onder die boom gekom het, het Hy gestaan en opgekyk, gesê: ‘Saggéüs, kom af, Ek gaan saam met jou huis toe, vandag, vir middagete.’

75 “O, onthou julle?” het Jakobus gesê. “Dit het dit afgehandel vir my, ek het geweet dat Hy daardie Profeet was waarvan Moses gepraat het, want ons het pas in die stad ingegaan. Hoe het Hy geweet hy was daar bo in die boom? En hoe het Hy geweet sy naam was Saggéüs, en alles van hom af? Dit het dit vir my afgehandel, want die Bybel het gesê dat Hy ’n profeet sou wees.”

76 “Wel,” toe het ’n ander een gepraat, en gesê: “wat van blinde Bartiméüs toe ons uit die stad uitgegaan het? Toe hy daar gesit en droom het van die dae, het gesê het, toe hy sy sig gehad het, hoe sy moeder hom vertel het van die groot dag wat Jehova eers vir die mense gespreek het, maar hy was al hierdie jare blind gewees.

77 “En hoe, toe ons uit die stad uitgekom het, die mense wat Hom bespot het, en die priesters wat geskree het: ‘Jy wat die dooies opgewek het, ons het ’n begraafplaas vol van hulle hierbo, kom op en wek hulle op!’”

78 Sien, God vermaak nie mense nie. Jesus maak net soos die Vader Hom wys, en dis al wat Hy doen wat Hy gesê het, Johannes 5. Julle weet, hulle het steeds daardie bose geeste in die wêreld vandag, egter, hulle sal sê: “Laat ek hom *hierdie* een sien genees.

Laat ek hom *daardie* een sien genees." Sien? Dis dieselfde bose gees; hulle weet net nie.

79 Dieselfde een wat daar bo op die kruis gesit het, of, voor Hy by die kruis gekom het, toe Hy versoek is, hy daar bo gesê het: gesê het: "As jy die Seun van God is, doen 'n wonderwerk hier voor my, en verander hierdie klippe in brood en eet, en ek sal jou glo." Sien?

80 Jesus het gesê: "Maar daar staan geskrywe, die mens sal nie van brood alleen lewe nie." Hy het Satan nie vermaak nie.

81 En toe hulle Hom in die binnehof gehad het, 'n lap oor Sy gesig gesit het, dit om Sy oë gedraai, en 'n stok geneem en Sy dierbare kop geslaan, gesê het: "As jy nou 'n profeet is, en vir ons kan sê, as jy daardie Messias-Profeet is, sê vir ons wie jou op die kop geslaan het," het Hy nooit 'n Woord gesê nie. Hy . . . Die krag en gawes van God is nie om mee af te wys nie, hulle is bedoel om God mee dien. Hulle is tot die eer van God om iets te doen om iemand te help, nie om uit te kom soos 'n hoogmoedige, en te sê: *My*, my groot!" nie. Dis nie dit nie. Wanneer 'n man dit doen, is hy klein in my oë. Wie is groot? Een: God.

82 Dan kon dit gewees het, dan, onmiddellik daarna, dat Andréas dit kon gesê het: "Maar broers, onthou die tyd toe Hy ons in die stad ingestuur het? Hy het ons daardie oggend vertel Hy sou afgaan na Jérigo, maar moes langs Jerus- . . . , of, gaan deur Samaria vanaf Jerusalem, op rondom Samaria en dan na Jérigo. Onthou hoe moeg Hy was? En heeldag, het ons gesê: 'Waarom—waarom eet U nie? Waarom doen U *dit* nie?'

83 "Hy het gesê: 'Ek sal hier wag, en gaan julle in en kry vir julle kos.' Nou, terwyl ons weg was, en ons die kos gekry het om terug te kom, onthou julle ons het nadergekom, en ons het uitgevind toe ons daar gekom het, was daar 'n vrou op haar pad soontoe, en daar was Hy alleen by 'n—'n vrou van wat be—berug was?"

84 Sy was 'n slegte vrou, 'n vrou wat ons vandag sou noem, *van die straat*, 'n rooi-lig vrou. Sy het, haar huwelike was heeltemal deurmekaar, en sy het saam met mans gelewe sonder om met hulle getroud te wees, baie slegte persoon. Daardie dae het hulle 'n kleed gedra, moes dit wys. "So toe ons gesien het, opgekom het, onthou julle ons het agter daardie bos ingeglip, daardie muurtjie, en gekyk wat Hy sou sê? Dis wat dit afgehandel het vir elkeen van ons.

85 "Hy het die vrou gevra om vir Hom water te bring, en sy het gesê: 'Ons het segregasie hier. Ons—ons doen dit nie, dis nie die gebruik vir julle Jode om vir ons Samaritaanse vroue so-iets soos daardie te vra nie.

86 "Hy het gesê: 'As jy geweet het met Wie Jy praat, sou jy My gevra het vir water om te drink, Ek gee vir jou Water wat jy nie hier kom skep nie.' Onthou hoe die gesprek voortgegaan het?"

87 Wat het Hy gedoen? Die Vader, Hy het gesê in Johannes 5:19, en luister hierna, broers, susters: Jesus Christus, die Seun van God, het nooit die eer geneem vir die genesing van enigiemand nie, Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, Dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke."

88 Let dan op wat gebeur het. In Johannes 5:19 het Hy dit gesê; Hy het na 'n bad van Betésda toe gegaan, daar het groot menigtes gelê, baie meer mense as wat daar in hierdie plek is vanaand, van verlamdes, blindes, verswaktes, verdordes, kreupeles. Nou, die Skrif sê dit, verlamdes, verswaktes, blindes, verdordes, en hier kom Hy! Net 'n paar dae tevore daar, het 'n vrou Sy kleed aangeraak en is gesond gemaak. Hier kom Hy, kleed vol krag, aangeloop, verby die moeder met die waterkop baba, verby die blinde man.

89 En as jy ooit die geskiedenis daarvan geneem het, het die Engel afgekom en die water geroer. Julle weet wat geroerde waters is, stroom wat een kant toe gaan, en winde wat dit na 'n ander kant toe waai, dis 'n gevaarlike water. En hulle het geglo dit was 'n Engel, en wie ook al in die water ingestap het, wat genoeg geloof gehad het, het daardie beweging van die water gestop, en hulle het gesond geword van watter siekte hulle gehad het. En hulle het daar gelê in die menigtes. Baie van hulle het dit nie geglo nie, maar hulle wat dit geglo het, dit was genesing vir hulle. God het altyd 'n manier gehad om Sy mense te genees.

90 Sodat diegene wat eerste instap, en ek het boeke daaroor gelees waar hulle gesê het dat hulle selfs mekaar gesteek het, om te probeer instorm en eerste daar inkom, want sodra die eerste een ingestap het met genoeg geloof om die krag van die Engel weg te trek, dan het hy miskien nie teruggekom vir 'n maand of twee, nog 'n seisoen nie. En hulle het die heeltyd daar gelê en wag. Watter geduld!

91 En Jesus het reg rondom daardie blindes, dowes, verlamdes, kreupeles, verdordes geloop, het nooit enigiets gesê nie, totdat Hy by 'n man gekom het wat op 'n palet gelê het. Hoeveel van julle Kaliforniërs weet wat 'n palet is? Wel, van watter deel van Kentucky het julle gekom? Ek is grootgemaak op een. Lê net iets op die vloer, en gaan lê.

92 Op 'n palet gelê, Hy mag prostaatprobleme gehad het, hy mag gehad het—hy mag TB gehad het. Wat dit ook al was, hy het dit agt-en-dertig jaar gehad, dit was vertraag, dit sou hom nie doodmaak nie, hy kon loop. Jesus wat geweet het, kyk, Jesus in die wete dat hy al hierdie tyd in hierdie toestand was, het Hy gesê: "Wil jy gesond gemaak word?" Waarom nie die blinde man nie? Waarom nie die kreupel man nie? Maar sien, Hy was gelei.

93 Nou, kyk na sy antwoord, en hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie. Terwyl ek aankom, gaan iemand in 'n beter toestand as ek, by my verby, en gaan daar in," sien: "gaan

voor my in." Hy kon loop, hy kon gaan, maar daar's sommige daar wat nie kon loop nie. Sien? En ons sou sê Hy het medelye gehad? Menslike simpatie is nie medelye nie, om die wil van God te ken, is medelye. Sien?

So Hy het gesê: "Wil jy gesond gemaak word?"

Hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie. Wanneer ek kom, stap iemand voor my in."

Hy het gesê: "Neem jou bed op, en gaan na jou huis toe."

94 Hy het nooit nog een ding bevraagteken nie, want Jesus het geweet hy sou nie bevraagteken nie, het dit opgetel, dit op sy rug gesit en aangegaan. Jesus is daaroor ondervra. Laat Hom dieselfde ding vandag doen, en Hy sal daaroor ondervra word.

95 Iemand sal sê: "Hier's ou Broer *So-en-so*, hy's 'n goeie ou man, het sy hele lewe aan die kerk behoort, potlode op die hoek verkoop, maak hom gesond. Waarom het jy by hom verbygegaan?"

96 Kyk hoe Jesus die antwoord aan hulle gegee het dieselfde dag toe hulle Hom gevang het, Hom die vraag gevra het: Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Hoeveel weet dis die—die Skrif? Die Skrifte kan nie faal nie, so Jesus kon net doen wat God Hom gewys het in 'n visioen om te doen, en dit het Hom 'n profeet gemaak, meer as 'n profeet, Hy was die God-Profeet, Hy was die God van die profete.

97 Party mense probeer vandag Goddelikheid van Hom af wegneem, Sy teken as Messias was 'n profeetteken, maar Sy . . . in verlossing was Hy God.

98 Die maagd Maria, 'n vrou, maagd, het geen man geken nie, die Heilige Gees het haar oorskadu en 'n Bloedsel geskep, daardie Bloedsel het die Seun van God voortgebring, Hy was nie Jood of Heiden nie, Hy was God. Ons is gered, het die Bybel gesê, deur die Bloed van God. Die bloed kom van die manlike geslag, die hemoglobien kom uit die manlike geslag.

99 Julle mense, hier's lentetyd hierbuite. Ek het vandag dopgehou, 'n voëltjie bo in die bos maak vir hom 'n nes. O, hulle sal vir hulle 'n nes maak. Wel, daardie ou moedervoël kan op daardie nes kom en 'n hele nes vol eiers lê, as sy nie by die maat was nie, sal hulle nie uitbroei nie. Dis reg. Sy mag op hulle sit en so lojaal wees, daardie eiers net so getrou omdraai, en haarself uithonger, totdat sy so swak is dat sy nie van die nes af kan opvlieg nie, as sy nie by die maat was nie, sal hulle nie uitbroei nie, hulle het geen bloedsel in hulle nie. Die lewe kom uit die bloed, lewe is in die bloed.

100 Dis soos kerke vandag, julle kan . . . ons het die grootste kerke wat ons ooit gehad het, meeste lidmate wat ons ooit gehad het, beter aangetrek as wat ons ooit gehad het, beste gevoed wat ons

ooit gehad het, meer geld as wat ons ooit gehad het, meer siekte as wat ons ooit gehad het, want ons het meer ongeloof as wat ons ooit gehad het.

101 Dis net, daar's net een ding om te doen, daardie eiers sal net daar in daardie nes lê en vrot, en so sal die kerklidmate ook as hulle nie by die Maat, Jesus Christus, was nie, dis tyd om die nes skoon te maak, en iemand daar terug te kry wat geloof het en gevul is met die Heilige Gees, lewende geloof het in 'n lewende God, by die Maat, Christus Jesus was, iets wat sal uitbroei, iets wat Lewe sal voortbring. Sekerlik.

102 Jesus kon net doen, het Hy gesê, en die Skrifte is onfeilbaar, Hy het gesê: "Ek doen niks in Myself totdat Ek die Vader dit eers sien doen het nie." Nou, Hy het gesê Hy het dit gesien, *sien*. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader *sien* . . . " Kyk agter in die *Emphatic Diaglott*, kyk of die woord nie reg is nie, *sien*. Kyk daarna, selfs na die Douay weergawe, al die weergawes gee dit op dieselfde manier: "Totdat Ek die Vader dit *sien* doen. Die Vader werk, wat die Vader doen, wys Hy vir My, en Ek gaan net en doen dit vir Hom."

103 Dis hoe elke profeet van die Bybel gemaak het, was om te sien deur 'n visioen wat om te doen, en dit was die teken van die Messias in daardie dag. En as dit die teken van die Messias in daardie dag is, by die afsluiting van die Joodse bedeling, en Hy belowe het Hy sou dieselfde ding doen in die laaste dae, is dit tyd dat ons dit sien opkom.

104 Ons is by die laaste dag, die wêreld is in 'n senuweeagtige toestand, sy's gereed om opgeblaas te word, die, omdat hulle verwerp het, ontken het, en die Heilige Gees hulle harte gewond het, en God . . .

105 Soos 'n—'n dame in 'n tien-sent winkel, hier 'n paar weke gelede, in Louisville, Kentucky, sy het 'n klein seuntjie gehad, sy het rondgegaan, vir hom dinge gewys, gesê: "Kyk, Skat, kyk, Skat, kyk, Skat," en die seuntjie het net gesit en staar. En sy, naderhand, het sy net oor die toonbank geval en begin skree.

En party van die mense in die tien-sent winkel het na haar toe gegaan, en gesê: "Wat makeer?"

106 Sy het gesê: "Dis my seuntjie." Sy het gesê: "Dit kan nie so wees nie! Die dokter het gesê hy was beter, maar hy is nie." Gesê: "'n Paar maande gelede, het die outjie net begin staar," en gesê: "ek kan sy aandag met niks trek nie." Gesê: "Alles waarna 'n—'n klein seuntjie van sy ouderdom behoort te kyk," gesê: "ek sal dit voor hom skud, en hy sal net sit en staar."

107 Julle weet die kerk, die Pinksterkerk, het soort van dieselfde geword, God het alles in die Bybel voor hulle geskud, en hulle sit net steeds en staar. Daar's iets verkeerd! Dis tyd om op te staan, en wakker te word, en God aan te roep. Onthou, God het

voorspel in Sy Bybel dat hierdie die Laodicése Kerktydperk sou wees wanneer dinge op hierdie manier sou plaasvind. Nou laat ons Hom glo.

108 Soos Andréas aangaan met die storie, net vir nog 'n oomblik of twee, het Andréas gesê: "Jy weet Hy het vir die vrou gesê. . . " Nou, sy was 'n Samaritaan. Daar's net, soos ek gisteraand gesê het, daar's net drie rasse mense op aarde: Gam, Sem, en Jafet se mense. As ons die Bybel glo, het hulle almal gekom uit daardie twee, daardie drie seuns, wat Jood, Heiden, en Samaritaan is.

109 Onthou julle die sleutels van die Koninkryk is vir Petrus gegee? Waar het hy Dit oopgemaak? By Pinkster, aan die Jode; het afgegaan na Samaria, al het Filippus afgegaan en vir hulle die doop van die Heilige Gees gepreek, en hulle gedoop het, en hulle gereed was om dit te ontvang, maar Petrus het die sleutels gehad, afgekom, hande opgelê, hulle het die Heilige Gees ontvang; toe by die huis van Cornelius, die Heidene, Handelinge 10:49, vind ons uit dat Petrus deur 'n visioen gestuur is: "En terwyl hy nog hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval." Van daardie tyd af was die Heilige Gees net: "Aan wie ook al wil, laat hom kom," maar hy het die sleutels van die Koninkryk gehad.

110 Nou, let op daardie drie rasse. . . Nou, soos ek gisteraand gesê het. . . Ek moes opskud, rede waarom ek dit op 'n ander manier herhaal, vanaand. Ek moes opskud, julle was senuweeagtig, en— en hulle het gesê daar is 'n kennisgewing, ensovoorts. Nou, dat julle kalmer is vanaand, en stil, let op, die Jode het gesoek na 'n Messias, en die Messias was veronderstel om te kom en Homself te verklaar deur. . . om die Messias te wees.

111 Nou, dink julle Jesus het onskriftuurlik gekom? Hy sou nie Jesus gewees het nie, Hy sou nie die Seun van God gewees het nie; Hy moes kom volgens die Skrif, maar nie volgens die gedagtes van die kerke van daardie dag nie. Hy was anders as die gedagtes van die kerk, hulle doktrine daaroor, maar Hy het gekom volgens die manier wat die Skrifte geskryf is. En dis waaraan ek julle wil herinner, vanaand, dieselfde ding, Hy kom volgens die manier wat Hy belowe het om te kom.

112 Nou, onthou, as God ooit op die toneel geroep word om op te tree, en die manier wat Hy die eerste keer optree, moet Hy elke keer optree, daarna, op dieselfde manier, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste keer opgetree het. So as dit die manier was om Homself bekend te maak in daardie dag aan die Jode, en aan die Samaritane wat gesoek het na 'n Messias. . .

113 Geen Heiden het gesoek na 'n Messias nie, ons was Romeine en Grieke, en het gode van yster, staal, marmer aanbid, soos baie van hulle steeds doen, en—en soos daardie, met 'n knuppel op ons rug. Maar nou, na tweeduisend jaar van teologie en leer, nou soek die Heidense Kerk, die uitverkore Kerk, na die Messias.

Nou, Hy sal moet optree wanneer Hy hierdie keer kom, net soos Hy daardie tyd het, Hy sal dieselfde dinge moet doen, want die Woord het gesê Hy sou dit doen.

114 Nou, sodat julle sal sien dat ons Christus nie dood is nie, Hy's met ons, lewe in ons, net hier by ons nou, en nou as ek julle dit kan laat sien, dan is dit 'n baie maklike ding vir julle om julle genesing te aanvaar, dit gaan nie oor my hande wat op julle gelê is nie, ek's 'n man, dis Sy hande, vind Hom.

115 Nou let op, toe hulle geluister het en die gesprek hiervan gehoor het (Nou, hierdie is nou 'n—'n slegte vrou, in Samaria. Sy was 'n slegte vrou, so hulle het geluister.), en toe hulle gehoor het, het Hy gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe." Nou, Hy het lank genoeg met haar gepraat om haar gees te kontak. Hy het gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

116 "En julle onthou, broers," mag Andréas vir die res van die broers gesê het: gesê: "onthou julle hoe ons almal gedink het: 'Uh-oh, uh-oh, hier's een keer wat Hy gevang is?' Omdat Hy vir haar sê dat sy nie—dat sy nie 'n—'n man het nie, gesê: 'Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe,' liewer, gesê: 'Gaan, kry jou man,' Hy sê vir haar sy het 'n man, en sy sê sy het nie 'n man nie, sy het Sy Woord weerspreek. Wat gaan nou gebeur?

117 "Onthou julle hoe ons almal gestaan het met ons ore gespits, en—en die koue rillings wat oor ons gegaan het? Wat is die probleem? Ons het gewonder: 'Was ons Meester in 'n lokval gelei? Nou sê Hy vir die vrou sy het 'n man, en sy sê: "Ek het nie 'n man nie."'

118 "Onthou hoe ons gedink het? Wat het Hy toe . . . ? Net so koel as wat Hy kon wees, gesê: 'Jy het reg gesê, want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie.' Die toneel het sommer vinnig verander.

119 "En wat het hierdie vrou vir Hom gesê? 'Meneer, ek is 'n Samaritaanse vrou. Ek mag in sonde lewe,'" iets gedoen het soos hierdie: "'maar ek ken die Skrifte, ek het uit 'n huis gekom wat die Bybel geleer het. Ek . . . U moet 'n profeet wees. Ek weet, ons word geleer, die hele Samaria word geleer dat daar 'n Messias kom, Wie se Na- . . . Wie die Christus sal wees,'" beteken *die Gesalfde*, "'en wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, dit sal die teken van die Messias wees. U moet Sy profeet wees.'

120 "Jesus het gesê: 'Ek is Hy.'" Daar was nooit 'n Man wat dit kon sê behalwe Hy nie, dis reg, of sal ooit wees nie. "'Ek is Hy.'

121 "En sy het haar waterpot gelos en in die stad ingehardloop, en gesê: 'Kom, sien 'n Man,' het vir die mans in die straat gesê: 'kom, sien 'n Man Wat my vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?'"

122 As dit die teken van Messias was gister, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, is dit dieselfde vandag, moet Hy wees.

123 "Ja, ons het dit onthou, hoedat die vrou dit gesê het."

124 En hoedat die Bybel gesê het dat die hele stad geglo het dat Hy die Messias is, want die vrou het vir die mense in die stad gesê dat Hy, hulle nog nooit tevore ontmoet het nie, in die gesprek het Hy gesê: "Gaan haal jou man."

125 En sy het gesê: "'Ek het nie een nie.' Hy het gesê: 'Jy het vyf.' En julle manne weet dat dit die soort lewe is wat ek gelei het, en dit het my oortuig dat Hy die Messias was, want Hy het die verborgenheid van my hart geken."

126 Nou luister, sê die Bybel nie dat, dat "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon," nie?

127 Nou, aan julle Bybellesers: Sê die Boek van Hebreërs ons nie, die 4de hoofstuk, dat "Die Woord van God skerper is as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding van die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart"?

128 Die Woord, en wanneer die lewende Woord, wat Christus is, in ons midde inkom, is Dit—Dit nie steeds 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart nie? Die lewende Woord, Christus, die lewende Woord, Hy is die Woord, en Hy is die lewende Woord, *Hierdie* is die letter Woord, en wanneer die letter Woord by die lewende Woord gebring word, is Dit skerper as 'n tweesnydende swaard, en 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart.

129 Jesus het na Sy gehoor gekyk en hulle gedagtes onderskei. Party van hulle het daar gestaan en gesê: "Hy's 'n fortuinverteller. Hy's Beëlsebub, 'n duiwel."

130 Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor," die Gees van God 'n bose ding te noem, 'n bose werk, "Ek vergewe julle daarvoor, maar eendag kom die Heilige Gees, en julle een woord Daarteen spreek, sal dit julle nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat kom nie."

131 Wat—wat is dan lastering van die Heilige Gees? Sien? Die Gees van God 'n onrein ding te noem, dis godslastering, dis wat godslastering is. [Leë kol op band—Red.] . . . die Gees van God 'n bose gees genoem. [Leë kol op band.]

132 So, julle sien, toe die mense uitgeroep het, en in tale gepraat het, ensovoorts, en hierdie volk het hulle die heeltyd 'n klomp holy-rollers genoem, en ketters, en al die res, sien julle waarom sy gereed is vir oordeel?

133 Nou, die Bybel sê, nou vir julle Pinkstermense, die Bybel sê: "As jy 'n gawe het om in tale te praat, dan wanneer die ongeleerde inkom, en—en die eerste ding wat jy weet hulle almal

in tale praat, sal hulle sê: 'Julle is almal mal.' Maar as daar een onder julle is wat 'n profeet is wat die geheime van die hart sal openbaar, dan sal hulle neerval, en sê: 'Waarlik, God is met julle.'"

134 Wel, as julle glo in praat in tale, weet julle nie wat die gevorderde daarvan is nie? Weet julle nie wat 'n hoër seëning is nie? Sien julle nie die Heilige Gees nie? Wat laat julle in tale praat? Doen jy dit self? Nee, meneer. Die Heilige Gees doen dit as jy opreg is. Is dit reg? Die Heilige Gees doen dit. Dis dieselfde ding wat in die kerk gesit het, eerste, apostels, profete, leraars, pastore, en evangeliste. Dis die Heilige Gees, die lewende Christus, Dis nie dood nie, maar lewendig vir ewig.

135 Hulle het die foto Daarvan hieronder waar dit was, wat afgeneem is. Is hier oorkant afgeneem in Kalifornië hier, onlangs. Geneem, George J. Lacy, die FBI het Dit ondersoek, ensovoorts, julle het dit gesien en alles, 'n Vuurkolom. Dieselfde Vuurkolom is afgeneem in Duitsland, Switserland, regoor die wêreld, waar dit afgeneem is.

136 Nou, wat is Dit? As daardie. . .Hoeveel weet dat Jesus Christus daardie Vuurkolom was? Wel, toe Hy was, Johannes 6, toe Hy ondervra is, het Hy gesê van, het Hy gesê van, Abraham, van sy dae.

Hy het gesê: "Wel nou," gesê "jy bedoel dat jy Abraham gesien het, en jy's 'n man nie ouer as vyftig jaar nie?"

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK."

137 Toe was Hy daardie Vuurkolom, die Engel van die Verbond. Met ander woorde, die Logos wat uit God uitgegaan het, Hy was die Vuurkolom wat die kinders van Israel deur die wildernis gelei het. En daardie Vuurkolom, die Logos het vlees geword en onder ons gewoon. En Hy het gesê: "Ek kom van God af, en gaan na God toe.

138 En na Sy dood, begrafnis, en opstanding, Saul, het Hy Saul ontmoet op die pad onder na Damaskus, en hom neergefel met 'n Lig. Nie een van die res van hulle het Dit gesien nie, maar Saul het Dit gesien. [Leë kol op band—Red.] . . .?. . .uit die woestyn uitgekom, die kinders van Israel gebring, toe in 'n Man kom woon, Volheid van die Godheid liggaamlik, en hierdie soort tekens gedoen as die Messias.

139 En as daardie selfde Vuurkolom, daardie selfde Jesus, daardie selfde Gees terugkom in Sy Kerk, universeel, sal Dit nie dieselfde ding doen nie? "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," het Hy gesê: "tog, sal julle My sien want *Ek*, *Ek* sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

140 Sien julle wat ek probeer doen, vriende? Julle laat weet dat die Jesus wat die belofte in die Bybel gemaak het, net hier by julle is, net hier nou.

141 Nou, as jy na Hom toe sou stap, en Hy hierdie pak aangehad het wat Hy my gegee het, en Hy sou sê. . . jy sou sê: "Jesus, sal U my genees?"

142 Weet jy wat Hy vir jou sou sê? "Wel, My kind, Ek het dit gedoen." Hy kan dit nie weer doen nie. As jy losgekoop word uit die pandjieswinkel, hoe kan jy die tweede keer losgekoop word? Hy het jou uitgebring: "Ter wille van jou oortredinge *is* Hy deurboor, en deur Sy wonde *het* daar vir jou genesing gekom." Sien wat ek bedoel? Jou genesing is alreeds voltooi, jou verlossing is voltooi, die enigste ding wat jy hoef te doen, is om dit net te ontvang.

143 Wat maak dit enige verskil wie hande op jou lê, wat *hierdie*, *daardie*, of die *ander* doen? Waar jy ook al is, glo dit net, dis al, ontvang dit. Dis, God moet dit vir jou gee. Daar's die rede dat ek nie te veel tyd neem nie. Die Amerikaanse mense word die ou Joodse gebruik van handoplegging geleer, wat in orde is, maar dit was nie die Heidense manier nie.

144 "Wel," het Jaïrus gesê: "kom, lê U hand op my dogter, en sy sal lewe," 'n Jood.

145 Maar die Romein het gesê: "Ek is nie waardig dat U onder my dak kom nie, spreek net die Woord." Sien? Hy het gesê: "Ek is 'n man onder gesag, ek vir hierdie man sê: 'Kom,' kom hy; en vir daardie een: 'Gaan,' gaan hy." Hy het geweet dat alles onder, hy was 'n hoofman oor honderd, centurion manskappe, wat beteken "'n honderd," dat honderd manskappe onder hom was, wat hy gesê het, moes hulle doen. Wat het hy in Jesus Christus herken? Dat alle siektes en kwale onder Hom was, onder Sy beheer. "Spreek net die Woord." Amen. Daar het julle dit, het nie handoplegging nodig nie.

146 En wat het Jesus gesê? Hy het omgedraai, gesê: "Ek het nooit sulke geloof in Israel gevind nie." Wel, dis die soort geloof wat ons hier in Kalifornië wil hê, daardie soort geloof: "Spreek die Woord." Dis al wat dit nodig het.

147 Nie 'n man wat sê: "Wel, prys God, Broer *So-en-so* het hande op my gelê, ek het iets deur my voel gaan," nie. Jy mag sy hande op jou voel lê het, maar jy het nooit niks gevoel nie. Sien? Jesus het nooit gesê: "Het jy dit gevoel," nie? Hy het gesê: "Het jy dit geglo?" Dis reg. "As jy dit glo." Dis n volt-. . . Nie 'n gevoelsaak nie, dis 'n geloofsaak: "Hy wat glo," net waar jy is.

148 Ek sê nie jy voel nie iets nie, ek weet ek het 'n paar vreemde gevoelens gevoel, maar ek het nooit my geloof op 'n gevoel gebaseer nie. Ek kan nie my Doktrine op 'n sensasie bou nie, ek moet dit bou op SO SPREEK DIE HERE, deur die Woord van God. En dis die rede, vanaand. . . En dan as dit gebou is op

daardie Woord en daar's genoeg geloof daarin om daardie Woord te laat manifesteer . . . Jesus het gesterf en Sy Lewe gegee dat Hy 'n Kerk kon heilig wat Hy universeel, om die wêreld, die heeltyd in Sy Kerk kon wees, hierdie Heilige Gees hier.

149 Toe Jesus God in vlees geword het, die Volheid van God in Hom was, het Hy die Gees onbeperk gehad; ons het dit ten dele. Nou, wat as jy hier uitgaan 'n lepel vol—vol water uit die oseaan opskep? Wel, dit—dis wat Jesus gehad het, die hele oseaan, maar ek en jy het 'n lepelvol, dis die verskil, jy sal dit nooit mis nie. Hy hoef ons nie te hê nie, maar ons moet Hom hê. Maar as jy daardie lepel water geneem het en dit afneem na die laboratorium, is dieselfde chemikalieë wat in die hele oseaan is, in daardie lepelvol.

150 En toe God, op die Dag van Pinkster, toe Hy neergedaal het soos 'n rukwind, het julle opgelet? Hy was 'n Vuurkolom. Maar het julle opgelet dat Hy Homself geskei het van daardie Vuurkolom, Homself verdeel het onder Sy mense, en gesplete Vuurtonge op elkeen van hulle gesit het? God wat Homself verdeel in Sy Kerk. Geen wonder Hy het gesê: "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees. As twee oor enigiets sal saamstem, en vra, sal Ek dit vir julle gee," nie. Sien?

151 Wat is dit? Wanneer die Vuurtjie *hier* en 'n Vuurtjie *hier*, elkeen van julle is 'n deel van God, wanneer ons bymekaar kom, is dit die Liggaam van Christus wat verenig. God wat Homself verdeel, deel vir my gee, en deel vir jou, en deel vir die volgende kêrel, sodat ons almal kan lewe, en Ewige Lewe kan hê. En nou, daardie Ewige Lewe kom van die woord, die Griekse woord, soos ek gesê het, *Zoe*, wat beteken "God se Eie Lewe."

152 Nou, moes gewees het terwyl hulle getuig het hiervan, meteens moes Andréas gaan sit het, en Satan moes afgekyk het oorkant deur die donker wolke, ek sluit nou af, en hy het hulle sien vertrek sonder Jesus. Dis net so goed as wat hy wou hê.

153 En nou, my broers, my susters, laat ons nou net kyk, net reguit in geloof, hulle het vertrek sonder Jesus, Ek glo dat dit is wat met die kerk gebeur het om hierdie Laodicése Kerktydperk te vorm, die kerk vertrek het sonder Jesus. Ons het gegaan op groot opwindings, ons het gegaan na 'n plek waar ons 'n groot bouprogram het, kyk wie die grootste kerk kon bou, ons het gegaan op opvoedkundige programme, ons het gegaan op denominasionele programme, ons het gegaan op allerhande soorte programme, en wat het ons uitgebroei? Ons het 'n klomp denominasionele kinders uitgebroei. Dis reg.

154 Ons bou—ons bou ons—ons—ons dinge op *ons* denominasie: "Moenie assosieer met *hulle daar* oorkant nie, moenie *hierdie hier* oorkant hê nie, *ons* is die denominasie, *ons* het die *hele* waarheid."

155 Onthou, broer, die kombers strek na alle kante toe, sien, dit gaan oor die ander kêrel, ook. Sien? Maar ons het grense getrek en onsself afgesonder, net soos die Baptiste, Metodiste, en die res van hulle het. Het altyd gepraat van die koue, formele Baptiste, nou is dit die koue, formele Pinksters. Sien? Baptiste is besig om warm te word.

156 Let op hoe. . .Nou, dis waar. Ons het denominasionele kinders uitgebroei, ons het opvoedkundige kinders uitgebroei; ons het dit Bybelskole laat vorm, heeltemal in orde, maar wat het ons gehad om hulle te vertel? "Gee hulle die Baccalaureus Artium, en die Ph.D., en die LL.D."

157 En selfs party van ons groot denominasies, voor hulle 'n sendeling uitstuur, 'n Pinkster nou, voor hulle 'n Pinkstersendeling oorsee stuur, moet hy deur 'n sielkundige ondersoek word om te kyk of sy IK hoog genoeg is. Dit is 'n klad op die naam van Pinkster! Pinkster is nie 'n organisasie nie, Pinkster is 'n ondervinding wat alle mense kan hê, Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, of *wat-nog*.

158 Wie moet besluit of hy 'n sendeling is of nie, die Heilige Gees, of een of ander wêreldse sielkundige? God gee die roepings. Petrus se geleerdheid sou nie daarvoor gekwalifiseer het nie, die Bybel het gesê hy was beide onkundig en ongeleerd, maar die Heilige Gees, dit het die Heilige Gees behaag om hom die hoof van die Kerk te maak; hy en Johannes, beide onkundig en ongeleerd. Maar dis waar ons is.

159 Die duiwel het ons sien gaan op 'n groot opwinding soos hierdie, en hy sê: "Hier's my geleentheid." Dis dieselfde ding wat hy daar gedoen het. So, hy het opgestaan oor die berge en sy giftige asem begin blaas, hy het gesê: "Daar is hulle, daar oorkant in die middel van daardie see, hulle getuig van wat was. Nou ek sien hulle het hom nou nie meer nie, hy's nou nie meer by hulle nie."

160 En hou die Laodicése Kerkeeu dop, van al die kerkeeue, sewe laaste kerktydperke, die Laodicése, Jesus was aan die buitekant van Sy Eie kerk, besig om te klop, om weer te probeer inkom. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Nou, dis waarby ons gekom het.

161 En so het Satan sy giftige asem rondgeblaas, julle weet, gesê: "*Whew! Whew!* Dae van wonderwerke is verby, daar's glad nie so-iets soos dit nie. Moet julle nie daardie soort goed glo nie, dis verstandstelepatie. Dis reg." Hulle verlaat die Woord. Ek—ek. . . Ondersoek julle net die Woord en kyk of dit nie reg is nie, kyk dan of God hom wel daardie Woord gee en Dit bevestig, dan maak dit dit reg; wanneer God so sê, handel dit dit af.

162 Nou: "Dae van wonderwerke is verby," het formeel geraak, praat net oor ons kerke, en ons, wat ons gaan doen, en ons groot programme wat ons het. Sien, hy het buite gesien, en die bootjie

het begin waai en dobber, en ons vind uit daar geen hoop meer was vir 'n herlewing nie.

163 Net omtrent so vandag, God het 'n Oral Roberts deur die land gestuur, Hy het 'n Tommy Osborn deur die land gestuur, Hy—Hy het een na die ander gestuur, golf na golf, na golf, na golf, en hier sit ons steeds sonder herlewing. Wat is die probleem?

164 Maar onthou, Hy het nie te ver gekom nie, toe Hy hulle sien vertrek het, het Hy geweet wat sou gebeur; en dis waarom Hy hier oorkant geweet het, die einde aan die begin kon voorspel. Hy het geweet die Laodicése Kerktydperk sou Hom verstoot, so Hy het voorbereiding getref om dit te trotseer, "Dié wat Ek liefhet, tugtig en bestraf Ek. Ek staan by die deur en klop, as enigiemand sal oopmaak, en My inlaat, sal Ek inkom en saam met hom maaltyd hou," as jy net sal oopmaak, Hom sal inlaat.

165 En wanneer die winde waai, en dis teenstrydig, en ons sien dis moeilik om te beweeg, dis hoe hulle was, maar Hy het opgeklim teen die hoogste heuwel wat daar in Galiléa was, hoogste heuwel in Palestina miskien, Hy was bo-op die berg, hoër jy gaan, verder kan jy sien, en Hy het daar opgeklim sodat Hy oor hulle kon waak. En toe Hy hulle in die nood gesien het . . . Hy was hoog genoeg dat Hy hulle kon sien.

166 En toe Hy hier op aarde was, het Hy besef dat ons in hierdie toestand sou beland, so Hy het nie net die berg van Gólgota geklim nie, maar Hy het verby die maan en sterre geklim, totdat Hy gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit Omhoog, en Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou hierdie diens dop, vanaand. Hy het nie te ver gegaan nie, Hy hou jou dop.

167 Wanneer die bootjie rondgeslinger word, hierdie seun *hier*, sy bootjie, joune, joune, hierbuite, oral rondom, jou bootjie rondgeslinger word: "Die dokter sê ek kan nie gesond word nie; ek's verlam; ek het kanker; ek gaan sterf," Hy weet dit, maar Sy oog is op die mossie, Hy het jou verlos, Hy het die prys betaal: "Hy is ter wille van julle oortredinge deurboor; deur Sy wonde het daar vir julle genesing gekom." Die voorbereiding is getref, en Hy het opgeklim teen die skanse van die Heerlikheid, en gaan sit aan die regterhand van God Omhoog, om oor julle te waak, lewendig vir ewig om voorspraak te maak.

168 Die Bybel het gesê Hy staan daar, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, dieselfde Hoëpriester wat hier op aarde was, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. As jy Hom sou aanraak, sou Hy optree soos Hy het toe Hy op aarde was, Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

169 'n Vrou het Sy kleed aangeraak, uitgegaan en in die skare ingegaan, en gaan sit. Sy het nie in die ry gekom nie, die res van hulle was in die ry, sy het nie in die ry gekom nie, so sy het Sy kleed aangeraak, en weggegaan, gaan sit in die gehoor.

En Hy het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?"

En die apostel Petrus het hom bestraf, en gesê: "Almal raak U aan. Waarom sê U so-iets?"

Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword, daar het krag van My uitgegaan," 'n visioen. Iets het gebeur, dit was 'n sekere soort aanraking.

170 Al hierdie programme vandag raak Hom nie aan nie, dit kos 'n individu se hart om Hom aan te raak, dit is nie vrees nie, iemand wat dit sal glo, jou bygelowe opsy sit en Hom glo.

171 "Iemand het My aangeraak," het Hy gesê: "Ek het swak geword, krag," krag: "het van My uitgegaan." En Hy het rondgekyk oor die gehoor totdat Hy die vroutjie gevind het, vir haar gesê haar bloedvloeïng wat sy gehad het, haar "geloof het jou gered." Sien? "Jou geloof het gered." *Sozo*: "gered," dieselfde woord, fisies of geestelik. Sien? "Jou geloof het jou gered."

172 Nou, as Hy dieselfde Hoëpriester is, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, as jy Hom sou aanraak, hoe sou Hy optree? As Hy dieselfde is, sou Hy dieselfde optree.

173 Ek daag hierdie gehoor uit, vanaand, om te glo dat daardie storie waar is: Kyk of Hy nie nogsteeds dieselfde Hoëpriester is nie, kyk of Hy nie vanaand optree, soos Hy het toe Hy in Galiléa was nie, kyk of Hy nie dieselfde ding doen nie.

174 Ons speel nie kerk nie, te laat in die ure, die son sak, dis tyd om realisties te wees, tyd vir mans en vroue om hulle—hulle—hulle kerkbaadjies uit te trek, julle denominasionele vodde opsy te sit en te kyk na God, en 'n Pinksterherlewing in die Pinksterkerk te hê. Raak Hom aan en kyk of Hy steeds die Hoëpriester is, ek daag julle uit daarmee, glo dit, kyk wat gebeur.

175 So Hy het na hulle toe aangestap gekom op die water, hulle laaste uur, geen hoop nie. Wat het gebeur? Sodra hulle Hom gesien het, net dieselfde as wat hulle toe het, doen hulle vandag, die enigste Ding wat hulle kon help, hulle was bang Daarvoor, hulle het gedink Dit was spookagtig: "Hy's 'n gees."

176 En dieselfde ding vandag! Julle Baptiste, julle Metodiste, julle Presbiteriane, Katolieke, julle Pinksters, Eenheid, Drieheid, Vyfheid, Gemeentes, Vierkant, wat julle ook al mag wees, julle is God se kinders, maar moenie bang wees nie, God het belowe Hy sou dit doen. As Hy vanaand kon praat, sou Hy sê soos dit toe was, toe hulle almal bang was. "Wel," gesê: "ons sien 'n gees, dit lyk spookagtig, daar's iets vreemds daaraan."

Gesê: "Moenie vrees nie; Dit is Ek," dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. "Wees nie bevrees nie; Dit is Ek."

177 Sal julle nie, kerk, vanaand, Hom in julle klein bootjie inlaat terwyl julle oor die lewe se rowwe see vaar nie? Sal jy nie net jou hart oopmaak, en sê: "Here Jesus, ek glo U, ek is gewillig, ek weet

dis Skrif, die man het vir my gesê wat die Skrif is, ek weet dat die Bybel sê U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; ek weet hierdie dinge," nie?

178 Ons het nie tyd om heelpad daarop in te gaan vanaand nie, ons sal aanhou om môre-aand daarop in te gaan, aan en aan, sien, net aanhou, jou te wys en aan jou te bewys, vriend, dat wat jy geglo het, waar was, maar dat ons nou 'n bietjie verder in die pad af lewe.

179 Dis wat die probleem met die Christene is. Julle weet wetenskap neem nie wat wetenskap twee of driehonderd jaar gelede gesê het nie. Dit was 'n Franse wetenskaplike wat gesê het, omtrent driehonderd jaar gelede, dit bewys het deur 'n bal om die aarde te laat draai, en hy het gesê: "As enige persone ooit die verskriklike spoed van dertig myl per uur kon ry," wetenskaplik bewys dat swaartekrag jou van die aarde af sou neem. Wat van Ricky en sy renmotor? Hulle gaan omtrent 'n paar duisend myl per uur. Dink julle hulle kyk terug en sien wat daardie wetenskap sê? Nee. Hulle gaan steeds aan, hulle beweeg aan.

180 Maar die kerk, hulle sal sê: "Kom ons kyk wat Mnr. Moody daarvan gesê het. Kom ons kyk wat Mnr. Wesley gesê het." Daardie manne het in hulle eeu gelewe, dit was reg vir daardie eeu, maar ons het nie net 'n wetenskaplike boom om te klim nie, ons het onontginde hulpbronne van die oorvloedige seëninge van God, wat nie beperk is nie, maar onbeperk.

181 "Wat julle ook al die Vader in My Naam vra, dit sal Ek doen." Elke belofte in die Boek behoort aan julle. Wanneer jy gered word, gee Hy jou 'n tjek met Sy Naam geskryf aan die onderkant daarvan, moenie bang wees om dit in te vul nie, want die Bank van die Hemel sal dit herken as dit deur die Pinkster verrekeningshuis gaan. So sien, dis reg. Sien, as jy iets daar op deposito het, self, sien, as jy herken word, as jy identifikasie het om te wys dat die tjek aan jou behoort, dis—dis nou net vir gelowiges, as jy daardie identifikasie het, wel, sal God jou tjek herken. Dis reg. Maak nie saak waarvoor jy vra nie, enige verlossingsseëninge behoort aan jou.

182 Nou, ek het lank met julle gepraat, en ek weet julle bene kramp. Julle bejaardes, en jonges, en almal, wat binne, buite staan, rondom die deure, God beloon julle ryklik.

183 Ek's julle broer. Daar is nie. . .Ek het nie een stukkie genesingskrag nie, niemand anders het dit nie, daar's nie 'n dokter wat enige het nie, geen medisyne het enige nie. Daar's nie 'n medisyne in die wêreld wat jou sal genees nie, daar's nie 'n dokter wat by sy volle verstand is, wat jou dit sal vertel nie; Mayo Broers het gesê hulle het nie 'n medisyne wat sal genees nie.

184 As ek my hand met ’n mes sny, het hulle nie ’n medisyne in die wêreld, om daardie messny te genees nie. Enige medisyne wat ’n mes wat my hand sny, genees, sou dit genees op hierdie lessenaar, of in my jas. Jy sê: “Medisyne is nie gemaak vir jou lessenaar, of die—die jas nie, dit is gemaak vir jou liggaam.”

185 Wel, wat as ek my hand sny, ek val dood neer, en jy balsem my en laat my natuurlik lyk vir vyftig jaar, gee my elke dag ’n inspuiting penisillien, en allerhande soorte salwe, en werk toe, en alles? Vyftig jaar van vandag af, sal die sny lyk net soos dit was toe dit gesny is. As dit die menslike liggaam genees, waarom genees dit dit nie?

Wel, sê jy: “Sekerlik, die lewe het daaruit uitgegaan.”

186 Wel, sê vir my wat lewe is, en ek sal vir julle sê Wie God is. Sien? Dis reg. Dis God. Medisyne bou nie weefsel nie, dit kos lewe om weefsel te bou. Dis reg. En jou gesindheid teenoor God is wat dit doen.

Iemand het vir my gesê: “Wat van penisillien vir ’n slegte verkoue?”

187 Ek het gesê: “Dis soos om ’n huis vol rotte te hê, en jy sit rotgif uit, maak hulle dood, dit maak nie die gate toe nie, dit maak net die rotte dood.” Dis reg. En dis . . . Dit maak die kieme dood, dis waar, medisyne mag die kiem doodmaak, maar dit bou nie die selle wat die kiem afgebreek het nie, dit kos God om dit te doen, en Hy alleen: “Ek’s die Here Wat al jou krankhede genees.”

188 Wat as jy jou arm gebreek het, ingehardloop het, gesê het: “Dokter, genees my arm, ek wil die slinger draai, ek werk aan my motor hierbuite, ek wil klaarmaak.” Hy sou sê jy het verstandelike genesing nodig, en dit sou reg wees. Hy mag jou arm spalk, maar God moet die kalsium produseer, en die lewensmiddele, en goed om dit saam te laat genees, dit kos God. Ons het niks wat sal genees nie, geen medisyne genees nie, God genees. En jou gesindheid teenoor God, die Een wat die genesing doen . . .

189 En ons kan nog nie uitmaak wat die lewe is nie. Ons ken die slym waarin die lewe kom, maar ons weet nie wat die kiem van lewe is nie, want dis ’n gees, en daar’s geen vergrootglas wat ’n gees kan sien nie, daar het julle dit. So dis die Een wat die genesing doen.

190 Sal julle in Hom glo, vanaand? As Hy in die gehoor sal inkom, vanaand, net ’n klein groepie, ons sal iemand hier oproep, ek dink dat ons gisteraand ’n klomp kaartjies uitgegee het, een tot ’n honderd, ek dink in *A*. Ons het ’n paar van hulle gekry, ons moes opskud. Maar, vanaand, as ons net ’n paar mense hier sal uitroep, en die Heilige Gees laat begin beweeg hier by die plat- . . . As Hy sal, ek sê nie Hy sal nie. En dan as Hy sal uitgaan in die gehoor en begin uitbeweeg in die gehoor, en dieselfde ding daarbuite doen, julle sonder gebedskaartjies, soos Hy hier doen

met gebedskaartjies, raak julle net Sy kleed aan, en kyk of Hy nie—of Hy nie dieselfde Hoëpriester is nie.

Hoeveel sou dit glo as julle sou sien dat, dit waaroor ek vanaand gepraat het, gebeur het? Steek julle hande op, regoor die gebou.

Nou buig julle hoof.

191 Ons Hemelse Vader, dit is so ver as wat enige mens kan gaan, sou wees om die Woord te verduidelik. Nou, geloof kom deur die gehoor, en die aanhoor van die Woord. Hier lê mense op beddens, draagbare, rolstoele, daar's sommige daarbuite wat sterf aan hartprobleme, kanker. Sonder twyfel is daar allerhande soorte siektes hierbinne.

192 Vader God, daar mag ongelowiges wees wat naby sit, daar mag onbekeerdes naby sit, as hulle, Vader, as hulle U Teenwoordigheid sien afbeweeg om te bewys dat U—U die God is Wat die beloftes in ons midde gemaak het, sekerlik, as U soveel sal doen, sal ons die verlossingsverhaal glo dat U vir ons oortredinge gesterf het, en deur U wonde daar vir ons genesing gekom het. Skenk dit, Here.

193 Ek gee myself, hierdie gehoor, alles in U hande. En, Vader God, ek het U lief vir U Woord. Ek is lief vir hierdie wonderlike gehoor mense wat aandagtig geluister het, hulle het gestaan en kramp, hulle bene is styf en seer. Maar, hoor my, Here, asseblief. Wanneer hierdie skare hierdie kermisterrein verlaat vanaand, en teruggaan na hulle huis . . .

194 Here, eendag na U gekruisig en begrawe is, het hulle gedink dit was alles verby, U was dood en begrawe en dit was al, daar was twee mans, Kléopas en sy vriend, wat op pad was af na Emmaüs toe, Iemand het heeldag lank saam met hulle geloop, met hulle gepraat oor die Woord van God. Hulle het nie herken Wie Dit was nie, maar toe Hy hulle daardie aand gekry het, Hy hulle in die gebou ingekry en die deur toegemaak het, het Hy iets voor hulle gedoen net soos Hy het voor Hy gekruisig is, hulle het dit herken, want niemand anders het dit so gedoen nie, hulle het geweet dat Dit Hy was. En vinnig het Hy uit hulle sig verdwyn, agter die gordyn, iewers, en was weg. Ligvoet, ligvoet hardloop hulle terug om vir die res van die dissipels te sê: "Voorwaar, die Here het opgestaan."

195 Sal U, vanaand, dieselfde ding doen, Here? Sal U in ons midde inkom en optree en maak net soos U het voor U gekruisig is, dat hierdie gehoor mag weet dat U hulle God en hulle Verlosser is, en U die Een was wat hulle gevoed en hulle geseën het?

196 En mag hulle besef as U iets sal doen soos U gedoen het voor U kruisiging, hulle weet dat U nie dood is nie, maar U lewe vir ewig, soos die Skrif sê U is: "Dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." As U dit sal doen, Here, sal ons almal huis toe gaan

en sê soos hulle het, “Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?” Ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

197 Sekerlik, sal God ons vanaand help, met ’n gehoor soos hierdie, wat geduldig staan.

['n Broer praat met Broer Branham—Red.] (Ja.) [Die broer vra vir ’n motor om geskuif te word.]

198 Dankie, ja, Broer. Goed. Dis goed. As jy so gaaf sou wees. Ek sien nou iemand gaan, so ek reken die broer sal net daar wees. Dankie.

199 Ek het julle so lank gehou vanaand, maar ek—ek probeer net om. . . Sien, as jy net inspring, sonder om te weet wat jy doen, wat help dit dan? Sien? Maar julle, ek—ek wil julle by ’n punt bring waar julle kan sien dat dit die Skrif is, dit die vervulling van die Skrif is. Nou, gisteraand het ons die onderwerp geneem waar Hy was, Messias sou verskyn in die liggaam van gelowiges in hierdie laaste dag om uit te voer en dieselfde ding te doen wat Hy toe gedoen het.

200 Nou, ek glo ons. . . Waar het. . .? Ons het begin met nommer een gisteraand, ’n klomp geroep, het ons nie? Ons het net ’n paar uit nommer een geroep. Ons sal net aanhou rondroep onder hulle totdat ons hulle hierbo kry.

201 Kom ons begin, vanaand, iewers anders. Elke keer wat ons vir julle gesê het ons sal. . . Ek het vir die predikerbroers gesê dat ons elke aand êrens sou begin, van dieselfde kaarte af, iewers elke aand.

202 Kom ons begin, kom ons sê van tagtig af. Dit sou tagtig wees, en kyk of ons kan. . . Hoeveel kan ons hier laat staan? Ons kan omtrent vyftien of twintig mense laat staan, miskien. Wie het gebedskaartjie tagtig? Steek jou hand op. Gebedskaartjie. . . [Leë kol op band—Red.] . . . en jy wil hê Jesus moet jou genees, steek jou hand op, almal wat nie ’n gebedskaartjie het nie.

203 Goed. Nou, terwyl hulle. . . die plekaanwysers hulle oplyn, nou met my. . . Onthou net, daardie gebedskaartjie het nie een ding daarmee te doen nie. Hoeveel was al ooit tevore in die diens en weet dis waar? Steek julle hande op. Sekerlik, dit het nie een ding daarmee te doen nie, nie een ding nie.

204 Nou, julle wat daarbuite sit wat nie ’n gebedskaartjie het nie, bid julle net, en sê: “Broer Branham, ken my nie. Here, hy het my ’n rukkie gelede vertel, dat U ’n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Nou, ek gaan U aanraak, ek vergeet van Broer Branham wat daar staan, maar ek gaan U aanraak. My geloof kyk na U, Here, ek wil U aanraak.”

205 Nou, moenie histeries daaroor raak nie, niks sal gebeur nie. Net rustig, net gewone geloof, sê net, Here: “Laat ek U aanraak.” En sê dan: “Hoe sou ek weet dat U. . . dat ek U aangeraak het? U

sal Broer Branham laat omdraai en my vertel, net soos U het toe 'n vrou U aangeraak het deur U Seun, Jesus. Broer Branham en daardie predikers daar is U aangenome seuns," sien: "maar hulle neem die Seun se plek in terwyl Hy Daarbo is wat voorspraak maak as die Hoëpriester."

206 Hy's ons ouer Broer. Het julle dit geweet? Sekerlik. En ons is—ons is God se kinders, ook, deur aanneming deur Hom.

207 Nou, as almal nou net nie wil beweeg vir 'n paar minute nie, net baie stil wees vir 'n paar minute. Glo met jou hele hart.

208 Goed. Nou, hoeveel in die gebou is vreemdelinge vir my, en julle weet dat ek niks van julle af weet nie? Steek jou hand op. Hele gehoor. Daar's nie een persoon wat ek in hierdie gebou kan sien wat ek ken nie, behalwe my, ek het my vriend, Welch Evans, hier 'n rukkie gelede van Georgia gesien wat hieragter gesit het, *hier* ver agter, dis reg. Hy en sy vrou, en Broer Fred Sothmann, en, een van die trustees van my kerk van Jeffersonville sit reg agter hierbuite iewers, en Broer en Suster Simpson wat langs hom sit. Dis die enigste mense in hierdie gebou wat ek ken, behalwe Broer Borders, Broer Gene Goad, net *hier*, en, wel, my seun was hier, maar hy is nie nou hier nie. Maar dis al vir wie ek ken, sien.

209 Nou, nou, as ek julle nie ken nie. . . Ek wil julle nou hierdie vraag vra. Ons neem ons tyd, want as julle ooit hier wil inkom, gaan iets gebeur.

210 Nou, as Jesus die was, dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sê die Bybel dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Nou, hoeveel weet dat Hy jou alreeds verlos het van siekte en—en dood? Sê: "Amen." ["Amen."] Wel, Hy kon jou nie weer verlos nie, kon Hy?

211 Nou, as Hy hier gestaan het, Self, kon Hy nie nog een ding daaraan doen, as wat Hy kon deur in my en jou te woon nie. "Hy wat My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Hy wat julle ontvang, ontvang My." Is dit reg? "Hy wat my ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."

212 Nou, as julle net die Heilige Gees sal ontvang, die Boodskap Daarvan. . . Nou, ek het vir julle die Bybel aangehaal. Sien? Het julle net vertel wat Hy gedoen het, en wat Hy belowe het in 'n klein dramatjie, so die kindertjies sal. . . Ek dink hierdie dingetjie wat *hier* sit, en baie ander *daar*, en klein duimsuier babatjie wat *daar* sit, wat ek dophou, my hart reik uit na hom, en alles wat ek. . .

213 Nou, nou, as—as hierdie God Wat die Bybel gemaak het, Wat die Bybel geskryf het. . . Glo julle God geïnspireer. . . die Bybel is geïnspireerd, God se Woord? Glo julle dit? Glo julle dit met julle hele hart? Goed, Dis God se geïnspireerde Woord. Dan, as Dit God se geïnspireerde Woord is, dan, as die inspirasie van God hier by ons is om hierdie Woord te laat lewe, om te bewys dat Hy hier is, kan julle Hom sekerlik ontvang. Is dit reg?

214 Nou, nou, ek wil weet, julle in hierdie gebedsry, elkeen van julle wat vreemdelinge vir my is, dat ek niks van jou af weet nie, steek jou hand op. Sien? Nou, dis alles vreemd, almal is vreemd.

215 Nou onthou, ek is nie 'n geneser nie, en geen ander mens is 'n geneser nie, God is die Geneser, dis reg. Nou, as Jesus nou hier gestaan het, vanaand, soos ek gesê het, met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, en as Hy Homself wou verklaar, hoe sou jy weet of dit Hy is? Hy sou optree op dieselfde manier wat Hy het toe Hy hier op aarde was. Is dit reg? Hy sou dieselfde ding doen, dan sou jy dan weet, Hy was die Messias.

216 Nou, ek is nie die Messias nie, geen ander mens is die Messias nie, Hy is die Messias, maar Sy Gees woon in ons. Sien? Dis nie ons nie, want ek, vir myself . . . nou hier's 'n vrou. (Is hierdie die vrou om voor gebid te word? Goed.)

217 Nou, ek ken nie die vrou nie, haar nog nooit in my lewe gesien nie. Sy het haar hand opgesteek 'n paar minute gelede dat nie een van ons mekaar ken nie. Hier's my hand, Bybel wat hier oop lê, ek ken haar nie, ek het haar nog nooit gesien nie. Julle ken my nie, hier is ons, 'n vreemdeling. Nou, nou, hier's 'n baie mooi prentjie van Johannes 4, hier's 'n panorama soos die put daar, buite by die openbare put by Samaria.

218 Nou, elke persoon hierbinne wees gereed om dit nou te ontvang, sien, en dit—dit sou dit net hier afhandel. Wees gereed; wees julle gereed; julle, julle, oral hierrond, wees net gereed. Sien? Want as julle Hom kan sien inkom, en doen presies soos, wat wys dat Hy nie dood is nie, Hy's lewendig hier en waak oor Sy Woord. En jou klein bootjie word net rondgeslinger. Sien? Glo dan.

219 Aanvaar dit net, moenie bang wees nie, Hy het gesê: "Dis Ek; moenie vrees nie." Nou, onthou dit: "Moenie vrees nie; Dis Ek." Moenie bang wees om Hom op Sy Woord te neem nie. Sê: "Ek glo U, Here. Ek sal gesond word." Doen dit net. "Moenie vrees nie; Dis Ek."

220 Nou luister, as ek en hierdie vrou totale vreemdelinge is, en mekaar nog nooit gesien het nie, as ek gesalf is met die Heilige Gees en vir haar iets in haar lewe sou vertel, soos Jesus het vir die vrou by die put, wat dit ook al mag wees wat in haar lewe is, ons het nog nooit mekaar gesien nie, sou dit deur een of ander geestelike krag moes kom. Is dit reg? Ons weet dit. Dit sou 'n wonderwerk wees. Hoeveel weet dit? 'n Wonderwerk is iets, wat nie opgelos kan word nie. Goed. Dan as dit sou plaasvind, hoeveel van julle sou glo dit was die Christus, die Heilige Gees, dieselfde as wat toe was? Goed, ontvang dit dan net.

Maar ek en sy, saam, het nog nooit in ons lewens mekaar gesien nie.

221 Nou, tot die eer van God, in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, tot die eer van God. Nou wees eerbiedig, wees in gebed. (Stil, met die orrel.)

222 Nou, dame, ek wil met jou praat net soos Jesus het met die vrou. Nou, jy mag hier wees vir siekte, jy mag hier wees vir iemand anders, jy mag, ek weet nie, sien, dit mag finansieel wees. Ek—ek. . . Jy's net 'n vrou wat hier staan. Dis dieselfde manier waarop die vrou ons Here ontmoet het.

223 Nou, en Hy het 'n rukkie met haar gepraat. Nou, julle moet my woord hiervoor neem, ek kan dit nie deur die Skrif bewys nie. Maar Hy moes deur Samaria gaan, en Hy het gesê Hy het niks gedoen voor die Vader Hom gewys het nie, so dit moes so gewees het. Hy, die Vader het Hom na Samaria toe gestuur. Goed, enigste ding wat Hy geweet het, om te doen, was om op te gaan na Samaria. Hy het gedink Hy sou alleen kom, so Hy het net die dissipels weggestuur. Hy het gewag, 'n vrou het opgekom, sodat dit die een kon wees. So Hy het daar gesit, en met haar begin praat. Wat het hy gedoen? Kontak gemaak met haar gees.

224 Nou, as Hy soontoe sou gegaan, en gesê het: "Ek is die Messias, Ek—Ek is die Messias," sou dit beter vir haar gewees het om dit te vertel. Sien? Laat Hy Homself aan hierdie vrou verklaar. Sien? God werk op geheimsinnige maniere. Sien? En Hy het daardie vrou iets vertel, wat in haar lewe was.

Wel, sy het gesê: "U moet 'n profeet wees. Ek weet wanneer die Messias kom, sal Hy dit vir ons vertel, Hy het gesê Hy sal hierdie dinge doen."

Jesus het gesê: "Ek is Hy." Nou, Hy het dieselfde werke belowe, en veral in hierdie eeu.

225 Nou, as—as jy siek was, en ek het gesê: "Ek het 'n gawe van Goddelike genesing," 'n gawe van Goddelike genesing is niks anders as geloof in Goddelike genesing nie, dis al wat dit is, hê geloof. Almal wat geloof in Goddelike genesing het, het 'n gawe van Goddelike genesing, want dis al wat dit is.

226 Nou, dit maak hulle nie 'n Goddelike geneser nie, net so min as wat dit die mens 'n—'n Goddelike geneser maak wat in verlossing glo. Sien? Dit net, hy glo daarin. Ek glo ook daarin, maar ek is nie 'n begaafde persoon soos sommige van die manne, soos Jack Coe, en baie van daardie broers was nie, net baie. . . Ek reken hulle, God werk met hulle op hulle manier, en Broer Roberts op sy manier, en met my op my manier; ons het net bedienings, dis al.

227 God het in die kerk geplaas apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore. Dis al. En dan nege geestelike gawes in die kerk.

228 Nou, jy sê: "Broer Branham, wat probeer jy doen?" Ek probeer kontak maak met jou gees. Jesus het my na hierdie stad

toe gestuur, ek is hiernatoe gelei. Nou, hier's 'n vrou, deur 'n nommer op haar gebedskaartjie te hê, ver bo in die . . . Ek vergeet waar ek geroep het, vyftig of vyf-en-sewentig of daar iewers, het nou vergeet waar dit was, jy was net daardie vrou wat daar gestaan het. Goed. Nou, sonder om mekaar te ken, nou, wat probeer ek doen? Kontak maak met jou gees.

229 En as die Here God . . . As ek gesê het ek het 'n gawe van genesing, my hande op jou gelê het, sê: "Prys die Here. Halleluja! Jy gaan gesond word." Dit sou in orde wees. Gaan glo dit, jy sal gesond word, ek glo dit, God sal jou geloof eer.

230 Maar wat as Hy kom en vir jou iets vertel wat jy—wat jy was, dan vir jou sê wat jy sal wees. Jy sal weet of dit, wat was, of dit die waarheid is of nie, iets wat jy in jou lewe gedoen het, ver in die verlede, of—of wat Hy ook al doen, of iets van daardie aard, dan sou dit dieselfde Messias maak. Die gehoor sou dit nie verwar nie, hulle sou glo, en dit net aanvaar. Nou, mag Hy dit skenk.

231 Nou, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor daardie Vuurkolom wat julle op die foto sien, staan reg tussen my en die vrou. Ek sien haar, sy beweeg weg, sy lyk jare jonger as wat sy in persoon doen, wat naby my staan. Sy het terugbeweeg na . . . Sy het een of ander soort operasie gehad, en dit was aan haar keel, dit was 'n skildklier. Dis reg. As dit—as dit reg is, steek jou hand op.

232 Goed, nou, glo jy met jou hele hart? Nou, laat ons net 'n bietjie langer met die vrou praat, sien, net 'n bietjie langer, sien. Sodat jy . . . Die mense dink jy het dit geraai. Kyk wat Hy nog sou sê.

233 Ja, ek sien haar nou, weer, dis 'n operasie aan die keel. Dit was 'n hele rukkie gelede, en die ding het weer teruggekom, jy het dit weer. Dit is reg. Maar sien hy het weggekruip vir die dokter, maar hy kan nie wegkruip vir God nie, God weet net waar hy is. Dis 'n lewe, 'n vermenigvuldiging van selle wat groei, versmoor, net soos jy 'n babatjie was in die skoot van jou moeder wat gegroei het, maar hierdie het geen vorm nie, dit versprei net, dis 'n duiwel, versmoorgees. Dis reg.

234 Dat julle mag weet: Daar sit 'n vrou net daar, keelprobleme, ook. Dis reg. Wat het jy aangeraak? Ek ken jou nie, ken ek? Het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar dis waaraan jy ly. Sien, ek kan voel dis een gees wat na die ander een roep, soos daardie, om hulp, sien, soos daardie, dis verbind, sien. As die Heilige Gees vir my sou sê wie jy was, sou dit jou help? Sou dit die gehoor help? Mev. Harrison, jy kan huis toe gaan, gesond wees. Jou geloof red jou.

235 Is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Nou, hier was 'n vrou wat hier gestaan het met 'n gebedskaartjie, daardie een wat daarbuite in die gehoor gesit het, sien. Nou, dis totaal onmoontlik vir my om dit te doen.

236 Jy sê: "Broer Branham, sê my." Ek kan dit nie doen nie, ek weet nie. Raak jy Hom net aan en vind uit.

237 Daardie vrou wat daar gesit het, het gebid, en daardie gees. . .Begin jy bid en kyk wat gebeur. Glo jy dit net, jy moet dit nie betwyfel nie, glo jy dit met jou hele hart en kyk net wat gebeur, hê net geloof.

238 Ons is vreemdelinge vir mekaar, ons is gebore, waarskynlik, jare uitmekaar, maar as die Here God iets in jou hart aan my sal openbaar, dat jy mag weet dat Dit—Dit Sy Woord is, dat hierdie Boodskap wat ek vanaand gepreek het, dis Sy Woord. . .En as Dit in my hart woon, dan is die Woord van God 'n Onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge in die hart. Is dit reg? Net soos dit was toe Dit vlees geword het in die Seun van God, Dis dieselfde Ding in ons vlees, vandag, die Kerk.

239 So ek kon dit nie alleen doen nie, dit verg jou om te doen, ook, verg hulle daarbuite. Dit verg iemand anders daarbuite om hierdie selfde salwing te hê. Sien? Mag nie. . . Dit sal werk, maar miskien kan hulle nie—nie in staat wees om dit uit te spreek nie, want hierdie is 'n gawe. Sien? Toe ek gebore is, gawes en roepings, sonder bekering, ek was net 'n klein, babaseuntjie, dieselfde ding wat gebeur het, regdeur, regdeur die lewe, sonder bekering.

240 Jy's siek, want jy het 'n dokter geraadpleeg oor iets. Reg. En dit—dis 'n keelprobleem, ook. Dis reg. En nou, hier's die ontleding daarvan, beoordeel jy dit: Dis in die stembande, en dis 'n sweer binne-in die stembande. Dit *was*, dit is nie nou nie, jou geloof het jou gered. . .?. . .

Hê net geloof.

241 Ons is vreemdelinge vir mekaar, dame, ek ken jou nie. As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, glo jy ek is Sy profeet, of, Sy dienskneg? Jy sal? Dis 'n breuk. Het 'n paar probleme gehad, het jy nie, maar die chirurg se operasie het 'n effek op die lewe, kanker. Nou het dit by 'n breuk gekom. Dis waar. Glo jy dat Hy jou genees het? Gaan dan, God sal jou gesond maak. God seën jou.

242 Hê geloof. Glo julle? Buite in die gehoor daar, wees net baie eerbiedig. Ek gee nie om waar jy is nie. Ek—ek vra jou, as jou broer, in die Naam van Jesus Christus om te glo dat dit die waarheid is. Kyk wat gebeur. Bid net, sê: "Here, laat ek U aanraak," kyk wat gebeur. Ek—ek glo. . .

243 Nou, daardie laat my so swak word, net so swak. Hoeveel kan dit verstaan? Sekerlik. As die Seun van God, net een persoon Hom aangeraak het, en Hy het gesê krag het uit Hom uitgegaan, wat van my, 'n sondaar gered deur genade? Maar dit verklaar Hy's hier, dit verklaar Sy Teenwoordigheid, Hy's hier. Glo julle dit, ook, wat staan, oral hierrond? Glo julle dit? Hê net—net geloof en glo dit.

244 Net 'n oomblik. (Nou, wanneer ek omtrent drie van hierdie kry, laat julle my weet, so, ek het ander dienste wat kom.) Ek— ek's 'n vreemdeling vir jou, ek ken jou nie, maar glo jy dat ek Sy dienskneg is? As jy hier gestaan het, en ons Here was hier in 'n fisiese vorm. . . Hy's geestelik hier, want dis die Heilige Gees wat op Hom neergedaal het soos 'n Duif, en nou kom Dit op ons soos 'n Vuur.

245 Jy is 'n gelowige, ek bedoel nie 'n ryloper nie, ek bedoel 'n —'n gelowige. Dis reg. Glo jy dan dat ek Sy dienskneg is? As ek in staat sou wees om vir jou te sê deur die Gees van God waarvoor jy hier is, sal jy my glo? Sinusitus. O, dis 'n verskriklike ding! Dit is reg. As dit reg is, steek jou hand op. Dis reg. Maar dis nie al op jou hart nie. Jy het iets anders op jou hart waarvan jy wil hê ek moet jou vertel. Hy het 'n sweer op die been. Neem daardie sakdoek waarmee jy jou trane afvee en sit dit op die seer. Dit sal hom verlaat. Gaan glo nou.

246 Aangename kennis, meneer? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek het jou nog nooit tevore gesien nie, en ons is vreemdelinge vir mekaar. Maar die God van die Hemel, Wat Sy Seun, Jesus Christus, opgewek het, Wat opgevaar het omhoog en gawes teruggestuur het aan mense, en Hy het in die kerk apostels gesit, wat "sendeling" beteken, profete, dit beteken "siener," pastore, evangeliste, sovoorts, Hy bly steeds God. As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy my ontvang as Sy profeet, of, as Sy dienskneg? Sal jy dit doen? Goed, meneer.

247 Sal die gehoor dieselfde ding doen? (Is hierdie nog drie, of. . . ? Dis net, wel, net, ons het hierdie een hier.) Daar's iets vreemds omtrent die man, ek kan dit nog nie uitmaak nie, laat die Heilige Gees dit openbaar soos ek met hom praat. Ek hoop my stem is hard genoeg dat julle kan hoor.

248 Dit gaan verder as. . . Nou, nou hier kom dit by die man. Die man is in 'n verskriklike toestand, hy's by die uur van die dood, amper. Hy's geskadu tot die dood met 'n kanker, en die kanker is in sy keel. Dit is reg. Julle weet, sigarette rook is hard op die keel. Sal jy hulle los? Dit opskeur?

249 Nog 'n ding, jy's nie 'n Christen nie, jy's 'n sondaar. Sal jy Hom aanvaar as jou Verlosser, vir jou siel? As God deur. . . ? Die apostel Petrus het gekom, hy was ook 'n sondaar. As God aan my jou naam sal openbaar, en vir my jou naam sal sê, soos Hy vir die apostel Petrus gedoen het, sal jy glo dat Dit die Christus is, die God Wat jou liefhet, en jou nou red, van. . . ? Sal jy my woord neem dat jou sondes vergewe is? Jy sal? Mnr. Davidson, gaan jy dan huis toe, en word gesond.

Hê geloof in God. Ek bly iets voel inkom daar van iewers af, julle dink ek lees hulle gedagtes, ek doen dit nie.

250 Hier, raak net aan my hand, dame. As ek *hiernatoe* sal kyk en vir jou sê wat jou probleem is, sal jy weet of dit reg is of nie.

Is dit reg? Dan sal jou kanker weggaan as jy dit sal glo. Sal jy dit glo? Steek jou hand op as dit so is. Goed, gaan dan, hê geloof.

251 Kom, dame. Sal jy glo, dame? Dat God aan my sal openbaar, wat na hierdie kant toe kyk, wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? [Die suster sê: "Ek glo jy's 'n profeet."—Red.] Jy glo, om Sy te wees . . . Dankie, Sus. Gaan eet dan jou aandete, daardie maagtoestand het jou verlaat.

As ek jou vertel voor dame kom? Sy het dieselfde ding gehad, het 'n senuweeagtige maag, jy het dit vir 'n lang tyd gehad, gaan eet. Hê geloof.

Glo jy jou rugprobleem het jou verlaat, wat daar sit? Wel, gaan dan. Prys die Here.

Die gehoor, moenie twyfel nie, net . . .

Kom, dame. Hartprobleem, God kan haar hartprobleem genees. Gaan, glo met jou hele hart.

God genees artritis, ook. Het jy dit geweet? Gaan glo dan.

Kom. Glo jy God kan jou asma genees en jou gesond maak? Gaan en juig, en dank God.

Glo jy God kan jou diabetes genees, en jou gesond maak? Gaan maar, gaan.

As daardie ander dame genees was van asma, kan 'n jong meisie soos jy daarvan genees word, kan jy nie? Uh-huh. Moenie twyfel nie, hê geloof.

Glo julle? Die hele gehoor word melkerig vir my.

252 Daardie man wat daar oorkant sit met artritis, wat daar na my sit en kyk, ek het dit 'n paar minute gelede gekry toe die dame geglo het, jou geloof red jou, gaan voort.

Glo jy met jou hele hart?

Glo jy God kan daardie diabetes genees? Jy het 'n rukkie gelede begin opstaan, ek kon jou toe gesê het. Moenie bekommerd wees nie, dis verby.

253 Wat van jou wat daar langs hom sit, dit jou geseën, ook? Die man wat langs hom sit, glo jy God sal daardie hoë bloeddruk genees, jou gesond maak? Goed.

Die dame wat langs hom gesit het, het ook diabetes gehad. Glo jy Hy sal jou gesond maak?

Wat van jou wat daar op die punt sit, hande op jou lê, glo jy jy sal gesond word? Kom hier. In die Naam van die Here Jesus, gaan word genees.

254 Jy probeer jouself regruk, almal sê dit vir jou, in elk geval, maar senuweeagtigheid is 'n verskriklike ding. Jy wou 'n plek hê om jou voet op te sit, sodat jy net daar kon begin. Is dit reg? Jy's nou op die plek, jou senuweeagtigheid is weg. Gaan, glo.

Glo julle met julle hele hart? Party van julle daarbuite bid, glo.

255 Hier, hier's 'n vrou wat voor my sit, sy bid, maar sy bid nie vir haarself nie, sy bid vir haar moeder, 'n moeder in 'n inrigting vir kranksinniges. Jy het gewonder of ek met jou gepraat het, het jy nie? Jy wou hê ek moet kontak maak. Nou, as jy vir jou moeder gebid het, steek jou hand op. Die dame wat hier sit. Sekerlik.

256 Ek daag julle uit om dit te glo, ek daag julle uit om dit te glo op enige manier wat julle wil. Glo julle dit?

257 Hoeveel van, hierbinne . . .? Hoeveel hierbinne ken Jesus nie as julle Verlosser nie, en julle wil Hom graag ken, net nou, as julle Verlosser? Steek julle hand op. Julle Hom wil ken as julle Verlosser, staan op julle voete. Julle wat Hom as Verlosser wil ken, net nou, aanvaar Hom net terwyl Hy teenwoordig is, staan op julle voete, oral in die gebou, staan op julle voete.

258 Julle weet Hy's teenwoordig, nie waar nie? Ek probeer hierdie altaar verlaat. Jesus Christus, God se Seun, is hier om julle van elke sonde te vergewe, sal julle Hom aanvaar, nie wat julle voel nie, maar op die basis dat Hy vir julle gesterf het, en julle weet julle is nou in Sy Teenwoordigheid, en julle glo dat Hy vir julle gesterf het, en julle wil hê Hy moet julle Verlosser wees, Hom sal aanvaar op daardie basis? Steek julle hande op na Hom.

259 Hemelse Vader, U het in die Woord gesê dat "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." En hierdie mense in hulle geeste weet dat hulle verkeerd is, en so het hulle U aanvaar as hulle Verlosser, ek bid, Vader, dat U dit vir hulle sal skenk, net nou, hulle het U aanvaar.

260 U het gesê: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." U het gesê in Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Hulle is U s'n, Vader, hulle is die tekens van hierdie diens.

261 Met ons hoofde gebuig, as julle glo dat God my gebed verhoor, wil ek hê julle moet hier opstap, julle moet reguit uit daardie paadjies daar uitkom wat julle hande opgesteek het. Kom reguit hiernatoe en staan hier net 'n oomblik, reg rondom die altaar, beweeg reguit af hiernatoe net 'n oomblik. Almal wat Christus net nou wil hê, kom net hiernatoe, kom net hiernatoe.

> Daar, dat U Bloed gestort is vir . . .
> En dat U my beveel het om na U toe te kom,
> O Lam van God, ek kom! Ek kom!

262 Elke kerklidmaat wat nie Christus as jou Verlosser ken nie, en jy wil Hom ken, waarom sou jy Hom net nou weier, wanneer jy Dit sien, jy net hier, teenwoordig is? As God my gebed hoor,

en die oë van die blindes oopmaak, die verlamdes laat loop, sal Hy—Hy jou sonde ook vergewe.

263 As Hy jou hart ken, en jou op die platvorm vertel wat daar is, Hy sê vir my, daarbuite, daar's nog meer wat behoort te kom. Hy praat met jou, ek hoef jou nie te roep nie, want ek word so swak, ek kan skaars hier staan. Kom sommer gou, sal julle? sodat ek nie langer hoef te wag nie. Kom, net nou.

Net soos ek is, sonder om te wag
Om my siel te bevry van een donker vlek,
Aan U, Wie se Bloed elke vlek kan reinig,
O Lam van God, (Goed, nou.) . . . kom! Ek kom!

Net soos ek is, sal U ontvang,
Sal verwelkom, vergewe, reinig, ontvang;
Want ek belowe ek glo,
O Lam . . .

Kom, my broer. Kom, my suster.

. . . Ek kom! Ek kom!

Net soos ek is, sal U ontvang,
Sal verwelkom . . .

264 Kom, almal, kom nou. Moenie wag nie, as julle nie te seker is nie, kom nou. Hy's net hier op die platvorm. Voor God, vertel ek die waarheid, daardie Vuurkolom, daardie Engel van God, Wat die hart van elke mens ken, is nou net hier.

. . . Lam van God . . .

265 Julle sal nooit nader wees totdat julle Hom sien kom het nie.

. . . Ek . . .

266 As daar enige vraag in jou hart is, kom nou.

. . . Ek is, sonder om te wag
Om my siel te bevry van een donker vlek,
Aan U, Wie se Bloed kan reinig . . . (Sal jy—sal jy vir ons kom bid?)
O Lam . . .

. . . ontvang,
Sal verwelkom . . .

Komaan, dametjie . . . ? . . .

61-0224 Moenie Vrees Nie
Skougronde Ouditorium
Tulare, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org